# Die Eerste Seël

Jeffersonville, Indiana, USA

18 Maart 1963

1 Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed. Ons Hemelse Vader, ons dank U vanaand hiervoor, nog 'n geleentheid om U te kom aanbid. Ons is dankbaar om lewend te wees en om hierdie groot openbaring van die Ewige Lewe in ons te hê. En ons is hier, vanaand, Vader, om U Woord te bestudeer, saam, hierdie groot verborge geheime wat verberg is sedert die grondlegging van die wêreld. En die Lam is die enigste Een wat Dit aan ons kan openbaar. Ek bid dat Hy tussen ons sal kom, vanaand, en Sy Woord sal neem en Dit aan ons openbaar, dat ons kan weet hoe om beter diensknegte vir Hom te wees, in hierdie eindtyd. O God, soos ons sien dat ons nou in die eindtyd is, help ons om ons plek te ken, Here, en ons swak wese, en die sekerheid van die Koms van die Here, binnekort. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Ek glo dit was Dawid, wat gesê het: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het, laat ons in die huis van die Here gaan." Dis altyd 'n groot voorreg om hier te wees. En—en die bestudering van die Woord, saam, gee ons hierdie groot hoop.

2 Nou daar is baie wat staan, en ek gaan net so gou as moontlik maak. Maar ek vertrou dat julle die Teenwoordigheid van die Heilige Gees geniet het, soos ek het, hierdie laaste paar kere. [Gemeente sê: "Amen. — Red.]

En, vandag, het iets gebeur wat ek nie vir 'n lang tyd gehad het nie. Ek was besig om te studeer hieroor, oor hierdie openbaring hier, oor die oopmaak van die Seël.

Jare gelede het ek Daardeur gegaan, omtrent twintig jaar gelede, skat ek, of so-iets, maar om een of ander rede was ek nooit heeltemal tevrede nie. Dit was asof daar 'n paar dinge was, veral in hierdie Seëls, want daardie Seëls is die hele Boek. Sien? Dis die Boek. Die hele Boek is een Boek, verseël. Dit begin …

3 Byvoorbeeld, ek het iets hier gehad, ek sal julle wys wat ek bedoel. [Broer Branham illustreer die rol en verseëling van 'n boekrol, deur velle papier te gebruik — Red.] *Hier* is een seël. Dis een, en jy rol dit *so* op, die manier waarop dit gerol is. En jy rol dit op hierdie manier op. En, aan die einde, is daar 'n stukkie wat uitsteek, soos *die.* Dis die eerste seël. Goed, dan, dis die eerste deel van die boek. Dan, die volgende seël word op hierdie manier gerol, reg aan die kant daarvan. En dit is opgerol op hierdie manier, soos *hier.* En dan, aan die einde, *hier,* is daar nog een wat uitsteek. Beteken, twee seëls.

En dis hoe die hele Bybel geskryf is, in boekrolle. [Broer Branham maak die velle papier los wat hy ter illustrasie gebruik het — Red.] En, so, om hierdie Seëls te breek, maak dit die geheime van die Boek oop.

4 Het julle begin om in Jeremia te studeer, hoe hy dit geskryf het, baie van julle wat dit gisteraand neergeskryf het? Hoe daardie seëls geskryf en weggesit is, vir bewaring, totdat hy na sewentig jaar teruggekeer het, uit gevangenskap. Hy het teruggegaan en sy besitting geëis.

En ek hou beslis daarvan om Dit te bestudeer. Jy kan nie … Daar is geen manier om Dit alles uit te druk nie, want Dis 'n Ewige Woord. En Dis 'n Ewige Boek, daarom moet ons net soort van die hoë plekke aanraak. En vandag, in studie, het ek baie Skrifte neergeskryf sodat julle Dit kan bestudeer. En ook … En die bande sal baie Daarvan openbaar, soos jy studeer. En daar is soveel dinge!

5 As ek net hier op die platvorm kon staan en Dit aan julle openbaar, die manier waarop Dit aan my geopenbaar is in die kamer, goeiste, dit sou wonderlik wees. Maar, wanneer jy hier is, word jy gedruk, en jy spring net soort van oor die goed, en probeer net om die hoofdeel by die mense te kry, dat hulle Dit kan sien.

6 Ek waardeer beslis daardie lied wat Broer Ungren pas gesing het; *Af Uit Sy Heerlikheid.* As Hy nie uit Sy Heerlikheid gekom het nie, waar sou ons almal vanaand gewees het? So ons is dankbaar dat Hy afgekom het om ons te help.

7 Nou, met baie wat staan, sal ons net gou maak hierbinne, na die—die beste van ons vermoe. Ek sê nie ons gaan reg deur jaag nie, maar ek bedoel ons gaan so gou as moontlik begin. En nou laat ons blaai, nou, na die …

Ons het die 1ste hoofstuk geneem, 2de, 3de, en 4de. En 5de, gisteraand. En vanaand begin ons by die 6de hoofstuk van Openbaring.

Nou, soos ons hierdie hoofstuk bestudeer, verwys ons na verskillende plekke, selfs na Ou en Nuwe Testament, eenders, want die hele Boek is die openbaring van Jesus Christus. Sien? Dis heeltemal die openbaring van—van die Here Jesus, die openbaring van Jesus Christus. Dis God, wat Homself in die Boek openbaar; Homself openbaar, deur Christus, in die Boek. En Christus is die openbaring van God. Hy het gekom om God te openbaar, want Hy en God was die selfde. "God was in Christus, het die wêreld met Homself versoen." Met ander woorde, jy sou nooit geweet het net wat God was totdat Hy Homself deur Christus geopenbaar het nie; dan kan jy sien.

Ek het altyd gedink, jare gelede, dat God miskien kwaad was vir my, maar Christus het my liefgehad. Het uitgevind, dis dieselfde Persoon, sien. En Christus is die einste hart van God.

8 En nou soos ons dit bestudeer, vergelyk ons dit nou. Die eerste drie boeke van die Bybel, van Openbaring, wat ons mooi deeglik gefynkam het, is die kerkeeue, die—die sewe kerkeeue. Nou daar is sewe kerkeeue, Sewe Seëls, Sewe Basuine, en Skale, en—en onrein geeste soos paddas, en dit alles gaan saam.

Goeiste, hoe graag sou ek 'n—'n yslike groot landkaart wou hê, en dit dwarsoor teken, soos ek dit sien, julle weet, net hoe elkeen sy plek inneem. Ek het dit uitgeteken op 'n klein velletjie papier, maar ek … Julle weet dit. En alles, tot dusver, het net presies reg getref. En met die tyd en die eeue, soos hulle gekom en gegaan het, en alles net perfek reg ingeskakel het. So, dit mag dalk nie heeltemal reg wees nie, maar dis die beste wat ek daarvan weet, in elk geval. En ek weet, as—as ek my beste doen, en ek maak 'n fout om my beste te probeer doen, en die beste waarvan ek weet, dat God my sekerlik sal vergewe om … vir die fout as ek verkeerd gedoen het.

9 Maar, nou, daardie eerste drie boeke is die eerste, Sewe Kerk Tydperke. En dan vind ons uit, in die 4de hoofstuk van Openbaring, is Johannes opgeneem. Sien? Ons sien die kerke. Daar word nie te veel gesê oor die kerk tydperke nie. Dit is waar ek dink dat mense so verbaas gaan wees. Hulle is—hulle pas—hulle plaas die Kerk ver oor in die Verdrukking, na daardie dinge wat moet gebeur. En soos ek gesê het, Sondag, gister: die eerste ding wat jy weet, sal daardie verdrukkings gebeur, en jy sal wonder waarom was die … Die eerste koms was die Wegraping. En dit sal wees soos dit was: dit is verby en jy het dit nie geweet nie. Sien?

10 Nou, daar is nie te veel belowe aan daardie Kerk, daardie Heidense Kerk, die Bruid nie. Nou, ek wil hê julle moet in gedagte hou, daar is 'n kerk en 'n Bruid. Sien?

Jy moet dit altyd in drie laat loop; vier is verkeerd. Dries! Dries, sewes, tiene, twaalfs, en vier-en-twintigs, en veertig's, vyftigs, daardie ongebroke getalle. Die Bybel is … en God stuur Sy Boodskappe in—in getalle… die getalle van die Bybel, in daardie getalle. En as jy iets kry wat weggaan van een van daardie getalle, jy beter mooi kyk. Dit sal nie reg uitkom, op die volgende ding nie. Moet dit terugbring na waar jy begin.

11 Broer Vayle, Broer Lee Vayle, hy—hy … ek dink hy's hier. Ons het nou die dag gepraat van mense wat van die spoor afgaan. Dis net soos om 'n teiken te skiet. As daardie geweer perfek gebalanseer, perfek opgelei en ingestel is, moet dit die teiken tref; behalwe as daardie loop beweeg, of kronkel, of vibrasie dit afgooi, en waar ookal … of 'n windjie. Waar dit ookal begin, daar is net een manier om te doen, is om terug te kom na waar dit die spoor verlaat het, en weer te begin, as dit die teiken moet tref. As dit nie gebeur nie, wel, dit tref net nie die teiken nie.

12 En dis die manier om Skrif te bestudeer, glo ek. As ons uitvind ons begin iets hier, en dit kom nie reg uit nie, julle sien dit is nie, ja, ons het 'n fout iewers gemaak, julle moet terugkom. Jy sal Dit nooit met jou verstand uitwerk nie. Dit is net nie …

Ons het pas uitgevind, deur die Skrifte, dat daar geen mens in die Hemel, of op aarde, of onder die aarde, of ooit was, of ooit sal wees, wat dit kan doen nie. Die Lam alleen kan dit doen. So, teologiese uitroepe, wat dit ookal mag wees, is net niks. Sien? Dit neem die Lam om Dit te openbaar, dis al, so ons vertrou dat Hy ons sal help.

13 Johannes, opgeneem, in die 4de hoofstuk, om dinge te sien "wat was, wat is, en wat moet kom." Maar die Kerk eindig by die 4de hoofstuk. En Christus neem die Kerk op, opgevang in die lug, om Hom te ontmoet, en verskyn nie weer voor die 19de hoofstuk nie, wanneer Hy terugkom met … as Koning van koning en Here van here, met die Kerk. En nou, o, ek hoop eendag dat ons deur dit alles kan kom, miskien voor Hy kom. As ons nie, sal ons dit sien, in elk geval, so dit maak nie saak nie.

14 Nou, in hierdie 5de hoofstuk, die breek van hierdie Seëls, en nou die sewe-verseëlde Boek. Eerste, wil ons die Eerste Seël lees.

Gisteraand, om dit net 'n bietjie meer agtergrond te gee, vind ons uit, dat, Johannes gekyk het en daardie Boek steeds gesien het in die hande van die oorspronklike Eienaar, God. Onthou julle hoe Dit verlore gegaan het? Deur Adam. Hy het die Boek van die Lewe verbeur, vir die kennis van Satan, en sy erfenis verloor, alles verloor; en geen manier vir verlossing nie. Toe, het God, gemaak in die ewebeeld van die mens, afgekom en 'n Verlosser vir ons geword, om ons te verlos.

En nou vind ons uit dat, in die dae wat verby is, sal hierdie dinge wat verborge was, vir ons oopgemaak word in die laaste dae.

15 Nou vind ons uit, ook, hierin, dat, toe Johannes hierdie aankondiging gehoor het vir die—die Bloedverwante Verlosser om na vore te kom en om Sy aansprake te maak, was daar niemand wat dit kon

doen nie; geen mens in die Hemel, geen mens op aarde, geen mens onder die aarde nie. Niemand was waardig om selfs na die Boek te kyk nie. Dink net daaraan. Geen persoon, hoegenaamd, waardig om selfs Daarna te kyk nie.

En Johannes het net begin huil. Hy het geweet dat, o, daar was dan geen kans vir verlossing nie. Alles het misluk.

En gou vind ons sy geween het gestop, vinnig, want dit is aangekondig deur een van die vier Gediertes of die ouderlinge, liewer. Een van die—die ouderlinge het gesê: "Moenie ween nie, Johannes, want die Leeu van die stam van Juda het oorwin," met ander woorde: "oorkom, en het oorwin."

16 Johannes, het omgedraai, hy het 'n Lam sien uitkom. Hy moes bebloed en gesny en gewond gewees het. Dis doodgemaak, die … het gesê, dat: "'n Lam wat doodgemaak is." En, natuurlik, dit was steeds bloederig; as jy die lam gesny en—en dit doodgemaak het soos wat die Lam was, in elk geval. Dit was gekap in stukke aan 'n kruis, spiese in die sy, en spykers in die hande en voete, en dorings oor die voorkop. Hy was in 'n vreeslike toestand. En hierdie Lam het na vore gekom, en het oorgegaan na Hom wat op die Troon sit, wat die volledige titelakte van Verlossing gehou het. En die Lam gaan en neem die Boek uit die hand van Hom wat op die Troon sit, het dit gevat, en het die Seëls oopgemaak en die Boek oopgemaak.

En toe dit gebeur het, het ons uitgevind daar moes 'n—'n groot iets in die Hemel plaasgevind het. Want, die ouderlinge, en die vier-en-twintig ouderlinge, en die Gediertes, en—en alles in die Hemel, het begin uitroep: "Waardig!" En hier kom die Engele, en het die Flesse uitgegooi van die gebede van die heiliges. Die heiliges onder die altaar het uitgeroep: "Waardig is U, O Lam, want U het ons verlos, en nou het U ons konings en priesters gemaak, en ons sal op die aarde heers." O, goeiste! En dis so, toe Hy daardie Boek oopgemaak het.

17 Julle sien, die Boek was eintlik beplan en geskryf voor die grondlegging van die wêreld. Hierdie Boek, die Bybel, was regtig geskryf voor die grondlegging van die wêreld. En Christus, synde die Lam, is geslag voor die grondlegging van die wêreld. En die—die lede van Sy Bruid, hulle name is in die Lam se Boek van die Lewe geplaas voor die grondlegging van die wêreld. Maar, Dit is verseël, en nou word Dit geopenbaar; wie se name daarin was, alles Daaroor, en wat 'n groot ding.

En Johannes, toe hy dit gesien het, het hy—hy gesê: "Alles in die Hemel, alles onder die aarde …" Alles het hom hoor sê: "Amen, seëninge, en eer!" Hy het net regtig 'n wonderlike tyd gehad, en, want: "Die Lam was waardig."

18 En nou staan die Lam. Nou, vanaand, soos ons in hierdie 6de hoofstuk ingaan, het Hy die Boek in Sy hand, en begin Dit openbaar.

En, o, ek sou absoluut vandag wou hê … En ek hoop dat mense geestelik is. Ek sou 'n verskriklike fout Daaroor gemaak het, as dit nie was, dat omtrent twaalfuur vandag, toe die Heilige Gees in die kamer gekom het en my gekorrigeer het op iets wat ek neergeskryf het om te sê.

Ek het Dit uit 'n ou konteks geneem. Ek het niks Daaroor gehad nie. Ek weet nie wat die Tweede Seël is nie, niks meer as niks nie. Maar ek het 'n ou konteks gekry van iets waaroor ek verskeie jare gelede gepraat het, en dit neergeskryf. En ek het hierdie konteks bymekaar gekry, konteks van Dr. Smith, baie groot, uitstaande leraars wat ek—ek het dit bymekaar gemaak. En almal van hulle het dit geglo, so ek het dit neergeskryf. En ek was gereed om te sê: "Wel, nou sal ek Dit vanuit daardie standpunt bestudeer."

En daar, omtrent twaalfuur in die dag, het die Heilige Gees net afgekom in die kamer, en die hele ding het net vir my oopgegaan, en daar was Dit, sien, van hierdie—van hierdie Eerste Seël wat oopgemaak word. Ek is so positief as wat ek hier staan vanaand, dat dit die Evangelie Waarheid is wat ek hier gaan sê. Ek—ek weet net dit is.

19 Want, as 'n openbaring teenstrydig is met die Woord, dan is dit nie Openbaring nie. En, julle weet, daar is party van die goed wat so absoluut waar kan lyk, en tog is dit nie waar nie. Sien? Dit lyk asof dit is, maar dit is nie.

20 Nou, ons vind, die Lam met die Boek, nou. En nou in die 6de hoofstuk lees ons.

> *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!*
>
> *En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.*

21 Nou, dis die Eerste Seël, die een wat ons gaan probeer, deur die genade van God, om Dit vanaand te verduidelik. Op die allerbeste En ek besef dat 'n man, wat Dit probeer verduidelik, loop op gevaarlike

gronde as jy nie weet wat jy doen nie. Sien? So as dit na my toe kom deur openbaring, sal ek julle so sê. As ek dit net deur my eie gedagte moet vat, dan sal ek—sal ek julle dit sê voor ek daaroor praat. Maar ek is net so positief, soos wat ek hier staan vanaand, Dit het opnuut na my toe gekom, vandag, van die Almagtige. Ek is nie geneig om net sulke dinge te sê, wanneer dit kom by hierdie deel van die Skrif nie. Ek—ek's …

Ek hoop julle weet waarvan ek nou praat, julle sien. Nou, julle weet, en jy kan nie dinge sê nie … As iets veronderstel is om *hier* te lê voor dit gebeur, dan kan jy—jy dit nie sê totdat iets dit daar lê nie. Sien? Lees julle? Luister julle na iets? Sien?

22 Nou, die Sewe-Seël, gerolde Boek word nou vrygestel deur die Lam. Ons nader daardie plek vanaand. God, help ons. Soos die Seëls gebreek en vrygestel word, word die geheime van die Boek geopenbaar.

Nou, julle sien, *Hierdie* is 'n verseëlde Boek. Nou, ons glo dit. Nie so nie? [Gemeente sê: "Amen. —Red] Ons glo dat Dit 'n verseëlde Boek is. Nou, ons het dit nooit tevore geweet nie, maar Dit is. Dis verseël met Sewe Seëls. Dit is, op die agterkant van die Boek, is die Boek verseël met Sewe Seëls.

23 As ons gepraat het van *hierdie* soort boek, sou dit wees soos om 'n band daarom te sit, sewe bandjies. [Broer Branham wys 'n boek as 'n illustrasie — Red.] Maar dit is nie *hierdie* soort boek nie.

Dis 'n boekrol. En dan wanneer die boekrol afgerol word, is dit een; dan lê nommer twee reg in die boekrol. En net *hier* sê Dit wat Dit is, maar Dis 'n geheim. Maar, tog, het ons Daarin ingegaan; maar, onthou, die Boek is verseël. En die Boek is die Boek van verborgenheid, van openbaring. Dit is die openbaring van Jesus Christus, sien, 'n Boek van openbarings. En nou julle weet, deur die eeu heen, het die mens ondersoek ingestel en Daarin probeer inkom. Ons het almal.

24 En, tog, eenkeer, ek onthou … As—as Mnr. Bohanon toevallig teenwoordig is, of—of sommige van sy mense, ek—ek bedoel dit nie met enige belediging nie. Mnr. Bohanon is 'n boesemvriend, en hy was die superintendent van die Staatsdiens toe ek daar gewerk het. Toe ek die eerste keer gered is, het ek hom vertel van die lees in die Boek van Openbaring. Hy het gesê: "Ek het daardie ding probeer lees," het hy gesê. En Mnr. Bohanon was 'n goeie man, en hy—hy was 'n lidmaat van die kerk. En—en ek weet nie waaraan hy behoort het nie, maar hy het gesê: "Ek dink dat Johannes 'n rooipeper-aandete moes gehad het daardie aand, en bed toe gegaan het op 'n vol maag."

25 Ek het vir hom gesê, hoewel dit my my werk kon kos, het ek gesê: "Voel jy nie skaam om dit te sê nie?" En ek was net 'n seun. Maar ek het gesê: "Voel jy nie skaam om dit te sê oor die Woord van God nie?" Sien? Tog, en net 'n kind, nie meer as vroeg … miskien een-en-twintig, twee-en-twintig jaar oud; en werk was skaars, en dit was in die depressie. Maar, tog, was daar 'n vrees daarin, toe ek … opmerking, enige opmerking van God se Woord gehoor het. Dis Waarheid; als Waarheid. So, dit was nie net 'n droom of 'n nagmerrie nie; dit was nie wat Johannes geëet het nie.

Hy was op die Eiland van Patmos omdat hy die Woord van God in 'n boekvorm probeer maak het, en is daarheen verban deur die Romeinse regering. En was op die eiland, op die Dag van die Here. En hy het 'n Stem van baie waters agter hom gehoor, en het omgedraai om te kyk, en hy het Sewe Goue Kandelare gesien. En daar het die Seun van God gestaan, tussen hulle, nou

26 En, dan, die Boek is 'n openbaring. So, 'n openbaring is iets wat bekend gemaak word van iets, iets wat geopenbaar word. En nou, let op, sodat julle dit nie sal vergeet nie, dit is "toegemaak tot die laaste tye." Sien? Die hele verborgenheid Daarvan is "toegemaak tot die laaste tye." Ons vind dit in die Skrif hier.

27 Nou, die geheim van die Boek word geopenbaar wanneer die Seëls gebreek word. En wanneer die Seëls heeltemal oopgemaak is, is die tyd van verlossing verby; omdat die Lam die bemiddelings area verlaat het, om uit te loop om Sy eise te maak. Hy was 'n Bemiddelaar, tussen dit. Maar wanneer die ware openbaring van die Seëls gebeur, soos Hulle begin breek, kom die Lam uit die heiligdom. Dis volgens die Woord. Ons het dit gisteraand gelees. Hy het gekom uit die … in die midde, en die Boek geneem, so Hy's nie meer Bemiddelaar nie. Want, selfs hulle het Hom 'n Leeu genoem, en dis—dis die Koning, en Hy is dan nie 'n Bemiddelaar nie.

28 Hoewel, die akteurs van hierdie Seëls begin by die eerste kerk tydperk. Onthou nou, sodat julle—julle die agtergrond daarvan deeglik sal kry, as ons kan, of so deeglik as moontlik. Die "akteurs," ek sal dit so stel omdat 'n akteur 'n mens is wat maskers verander. Sien?

En in hierdie daad, vanaand, gaan ons sien dat dit Satan is wat sy masker verander. En, almal, akteurs.

Christus, wat die deel gespeel het wat Hy het, toe Hy van 'n Gees na 'n mens verander het, het Hy slegs 'n akteurs kleed aangetrek, menslike vlees, en het neergedaal in die vorm van 'n Mens, om 'n

Bloedverwante Verlosser te wees.

29 Nou—nou, julle sien, dis net 'n akteur se vorm. Dis die rede waarom hulle almal in gelykenisse en sti- … en soos hulle hier is, soos gediertes, en diere, ensovoorts. Dis in 'n optrede. En hierdie akteurs begin in die eerste kerk tydperk, want dit was Christus wat Homself geopenbaar het aan die sewe kerk tydperke. Verstaan julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen. — Red.] Goed. Sien? Christus wat Homself openbaar aan die sewe kerk tydperke.

Dan, deur hierdie kerk tydperke, kom daar 'n groot deurmekaarspul saam. Dan, aan die einde van die kerk tydperk, moet die sewende engel se Boodskap wees om hierdie verlore geheime op te tel en dit aan die Kerk te gee. Sien? Nou ons sal dit agterkom.

30 Maar nie dan geopenbaar in hulle ware toestand nie. Nou, in die Bybelse tye, was die geheime daar, en hulle het hierdie dinge sien gebeur soos Johannes dit hier gesien het. Nou hy het gesê: "Daar is 'n ruiter op 'n wit perd." Maar, wat die verborgenheid daarvan is, daar's 'n geheim wat saam met daardie ruiter gaan. Nou, wat dit was, het hulle nie geweet nie, maar dit moet geopenbaar word. Maar dit moet geopenbaar word nadat die Lam die Vader se Troon verlaat, van Sy bemiddeling as Bloedverwante Verlosser.

31 Ek gaan 'n ietsie hier laat val. Nou, as enigiemand hierdie boodskap kry … Enige mens kan praat wat hy ookal wil. Hy het 'n reg op enigiets van sy oortuiging. Maar as … Julle weet, as 'n prediker dit nie onder sy mense wil hê nie, sê hulle dan om dit nie te neem nie. Maar ek—ek … Hierdie is tussen die mense vir wie ek gestuur is om te praat, daarom moet ek openbaar wat die Waarheid is. Sien?

32 Nou, die Lam, in die tyd van bemiddeling *hier*, Hy het geweet dat daar name daarin was wat daarin gesit is van die grondlegging van die wêreld af. En solank as daardie name nog nooit op aarde gemanifesteer is nie, moes Hy daar bly as Bemiddelaar. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen. — Red.] Perfek, voorbestemming! Sien? Goed. Hy moes daar bly, want Hy het gekom om te sterf vir hulle wat God bestem het tot die Ewige Lewe. Sien? Sien? Deur Sy voorkennis, het Hy hulle gesien. Nie deur Sy Eie wil nie; Sy wil was dat niemand sou vergaan nie. Maar deur Sy voorkennis het Hy geweet wie sou en wie nie. Daarom, solank as wat daar een naam was wat nog nie, nog nooit verklaar—verklaar is op aarde nie, moes Christus daar bly as 'n Bemiddelaar, om vir daardie naam te sorg.

Maar sodra daardie finale naam gegooi is in daardie Clorox of bleikmiddel, dan is Sy voorspraak dae verby. "Laat hom wat vuil is steeds vuil wees. Laat hom wat heilig is, hy is steeds heilig." Sien? En Hy verlaat die heiligdom en dan word dit 'n Oordeels Bank. Wee dan diegene wat buite Christus is!

33 Nou let op, maar Dit moet geopenbaar word wanneer die Lam Sy bemiddelingsplek van die Vader verlaat. Nou, dis Openbaring 5. Nou neem Hy die Boek van Seëls, die Boek van Seëls, of 'n Boek verseël met Seëls, breek hulle en wys hulle. Kyk. Aan die einde van die eeu nou, nadat die bemiddeling verby is, is die kerk tydperke klaar.

Hy het ingekom, in die eerste tydperk, die Efésiese Tydperk; geopenbaar, het die boodskapper gestuur.

Let op wat gebeur, soos ons aangaan. Hier is die plan daarvan. Die eerste ding wat gebeur, daar is 'n —'n—'n aankondiging in die Hemele, eerste. Wat gebeur? 'n Seël word oopgemaak. Wat is dit? 'n Geheim word ontvou. Sien? En wanneer 'n verborgenheid ontvou, dan weerklink 'n basuin. Dit verklaar 'n oorlog. 'n Plaag val, en 'n kerk tydperk begin. Sien?

Wat is die "oorlog" deel? Die engel van die Kerk begryp die geheim van God, nog nie ten volle geopenbaar nie. Maar, wanneer hy dit doen, begryp hy hierdie geheim van God, en dan gaan hy uit na die mense nadat die verborgenheid aan hom gegee is. Gaan uit na die mense! Wat doen hy daarbuite? Hy begin daardie Boodskap verkondig. En wat begin dit? 'n Oorlog, 'n geestelike oorlog.

34 En dan neem God Sy boodskapper, met die Uitverkorenes van daardie eeu, en lê hulle weg, aan die slaap. En dan laat Hy 'n plaag val op hulle wat Dit verwerp het; 'n tydelike oordeel.

En dan nadat dit verby is, dan gaan dit aan, en hulle denomineer, en bring denominasies in, en begin met daardie man se werk, soos van Wesley en al die res van hulle. En dan raak dit weer alles in 'n twis.

En dan kom nog 'n verborgenheid na vore. Wat het toe gebeur? 'n Ander boodskapper kom op aarde, vir 'n kerk tydperk. Sien? Dan, wanneer hy aankom, weerklink hy die—die basuin. Hy verklaar oorlog. Sien? En wat gebeur dan? Uiteindelik, dan, word hy weggeraap. En dan wanneer hy weggelê word, dan val 'n plaag, vernietig hulle. Geestelike dood tref die kerk, en sy is weg, daardie groep.

Dan gaan Hy aan na 'n ander een. O, dis 'n groot plan!

35 Totdat, dit kom by daardie laaste engel. Nou, het hy geen gewiste verborgenheid nie. Maar hy maak alles bymekaar wat verlore was in daardie ander tydperke, al die Waarhede wat nog nie waarlik

geopenbaar is nie, sien, soos die openbaring kom, dan openbaar hy daardie dinge in sy dag. As julle dit wil lees, hier is dit. Openbaring 10, 1 tot … 1 tot omtrent 4, julle sal dit verstaan. Goed. Sien? "Neem die Boek en, van Seëls, en breek hulle," en wys die sewende engel; want dit alleen, die verborgenhede van God, is die bediening van die sewende engel. Nou, ons net deur die kerk tydperke gegaan, met selfs geskiedenis, en bewys dit. Sien? Dit is die—die engel se Boodskap, van die sewende kerk, reg, openbaar al die geheime wat in die verlede was, al die dinge in die verlede. Openbaring 10:1-7, dit moet nog wees. Nou, onthou: "In die dae van die sewende engel, as hy weerklink, die Evangelie basuin blaas, moet hy al die geheime van God klaarmaak."

36 Net soos, dit na vore gekom het, in die vroeë kerk tydperke. Ons sal dit begryp, na 'n ruk, 'n leerstelling. En, dan, word dit 'n gesegde, eerste; dan 'n leerstelling; en dan 'n wet; word dan 'n kerk, en deur die donker eeue.

Toe het uit die donker eeue die eerste hervorming gekom, Luther. En hy het, saam met hom, allerhande soorte misterieuse dinge gebring wat gedurende daardie kerk tydperk gebeur het, alles terug destyds daar, maar hy het dit nooit klaargemaak nie.

Toe was dit Wesley, met heiligmaking, het nog meer daarvan gekry. Steeds, het dit nooit klaargemaak nie; los punte oral gelos, soos besprinkeling in plaas van doop. En Luther het "Vader, Seun, Heilige Gees" gevat in plaas van die "Here Jesus Christus." Al hierdie verskillende dinge!

37 Toe die Pinkster tydperk, met die doop van die Heilige Gees, en hulle het daarop gekoek. Nou, daar kan nie meer tydperke wees nie. Dis almal van dit. Dis die Filadelfia … of, nou, die Laodicése Eeu. Maar toe die …

Ons het gevind, in die bestudering van die Skrif, dat die boodskapper vir daardie tydperk reg aan die einde van die eeu gekom het, elke keer. Paulus het aan die einde van die eeu verskyn. Ons vind uit dat Irenaeus aan die einde van die eeu verskyn het. Martin, einde van die eeu. Luther, die einde van die Katolieke eeu. En (wat?) Wesley aan die einde van die Lutherse eeu. En Pinkster aan die einde van die eeu van heiligmaking, tot die doop van die Heilige Gees.

En aan die einde van die Pinkster tydperk, is ons veronderstel om te ontvang, volgens die Woord, soos God my vanaand sal help om julle te wys, hierdeur, dat ons moet sien, 'n boodskapper ontvang wat al daardie los punte daar sal vat en openbaar die hele geheim van God, vir die wegraping van die Kerk.

38 En dan kom daar sewe misterieuse Donderslae voort wat glad nie eens geskryf is nie. Dis reg. En ek glo dat, deur daardie Sewe Donderslae, sal geopenbaar word in die laaste dae ten einde die Bruid bymekaar te kry vir wegraping geloof. Want, wat ons nou het, ons—ons sou dit nie kon doen nie. Daar is iets. Ons moet verder gaan. Ons, ons kan kwalik genoeg geloof vir Goddelike genesing hê. Ons moet genoeg geloof hê om verander te word, in 'n oomblik, om weggevat te word van hierdie aarde af. En ons sal vind, na 'n ruk, as die Here wil, kry waar Dit geskryf is.

39 Dan, al die oordele van hierdie bose doeners! Nou, sien, deur die eeue van hierdie Seëls, dit het gebreek, tot nou word die laaste Seël gebreek. En nou soos hulle—soos hulle dopgehou het hierdie Seëls en net veronderstel het, veronderstel het wat hulle doen. Nou, aan die einde van die eeue, van die kerkeeue, sal al hierdie bose doeners plaasvind en oppad wees na die Verdrukking; al hierdie bose doeners van die Sewe Seëls, wat geheimsinnig gewerk het in die kerk.

En ons sal uitvind, binne 'n minuut, dit het selfs gewerk in die naam van 'n kerk. Hulle noem hulleself: "Die Kerk." En julle kyk net of dit nie reg is nie. Geen wonder ek was so teen denominasie nie, nie geweet waarom nie. Sien? Sien?

Hulle eindig. Nou, dit begin hieragter in 'n ligte vorm, en word net erger en erger, af totdat … En mense gaan reguit daarin, en sê: "O, ja, *dit* is net reg." Maar in die laaste dae, word hierdie dinge bekend gemaak. En hulle word uiteindelik so erg totdat hulle reg in die Verdrukkingsperiode ingaan.

40 En hoe kan 'n man sê dat die Bruid van Christus in die Verdrukking sal ingaan? Ek kan dit nie verstaan nie. Sien? Sy word weggeneem van die Verdrukking. As—as die Kerk geoordeel is, en hulle hulself geoordeel het en die Bloed aanvaar het, hoe kan God 'n mens oordeel wat volmaak, totaal sondeloos is?

Julle sê: "Daar is nie so 'n persoon nie."

Elke wedergebore gelowige, ware gelowige, is volmaak, absoluut sondeloos voor God. Hy vertrou nie in sy werke nie; in die Bloed van Jesus, waar sy belydenis in geval het. Die Bybel sê so. Sien? "Hy wat—wat uit God gebore is, doen nie sonde nie, want hy kan nie sondig nie." Hoe kan jy 'n man 'n sondaar maak wanneer die bleikmiddel van die Bloed van Jesus Christus tussen hom en God is? Dit sal sonde uiteendryf totdat daar niks oor is nie. Sien? Hoe kan daardie suiwer Bloed van Christus ooit 'n sonde daar laat verbygaan? Hy kan nie.

Jesus het gesê: "Wees julle dan volmaak, net soos julle Vader in die Hemel volmaak is." En hoe kan ons selfs die gedagte kry om volmaak te wees? Maar Jesus het dit vereis. En as Jesus dit vereis het, moet Hy 'n weg daarvoor maak. En Hy het; Sy Eie Bloed!

41 Nou, alles, openbaar al die verborgenhede wat in die verlede gebeur het. Nou, die gedagte is, hier aan die endtyd, dat die verborgenhede wat lank gelede begin het en afgekom het deur die kerkeeue, hier geopenbaar moet word met die breek van die Seëls, hier in die laaste dae, na die tyd van bemiddeling net omtrent verby is, teen die tyd.

Dan, wag die oordele vir hulle wat agter is. Hulle gaan aan in dit. Dit is nadat die Bruid van die toneel geneem is.

42 O, laat ons net 'n Skrif lees. Wil julle almal sommige van die Skrifte neerskryf? Laat ons Twee Thessalonicense vat, net 'n oomblik, en net 'n oomblik hier kyk. Dit—dis so 'n pragtige prentjie hier! Ek hou daarvan. En laat ons sien. Ja, Twee Thessalonicense. En ek wil die 2de hoofstuk van Tweede Thessalonicense hê, en die—die 7de vers. Laat ons sien. 2 Thessalonicense 2:7. Ek dink dis reg, nou. Ek het dit neergeskryf, het geskud en gebewe.

> *… Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teehou, uit die weg geruim is;*

43 Wie? "Hy wat toelaat." Sien? Sien, 'n verborgenheid: "die verborgenheid van ongeregtigheid," ver terug in daardie heel eerste kerk tydperk. Hier is Paulus wat skryf, sê dat: "Die geheim van ongeregtigheid." Wat is ongeregtigheid? Ongeregtigheid, is iets wat jy weet jy nie behoort te doen nie, en jy doen dit in elk geval. En Paulus het gesê daar is sulkes op die aarde vandag, werkers van ongeregtigheid. O, as julle … Ons gaan by die … Laat ons net daardie stuk lees, net 'n oomblik. Begin 'n bietjie terug, die 3de vers.

> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens* (m-a-n) *van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf,* (dis reg)
>
> *die teenstaander wat homself verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.*
>
> *Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?*

Ek sou graag wou sit onder 'n deel van sy lering. Sou julle nie?

> *En nou, julle weet wat hom teehou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.*

44 Nie toe nie, sien, nie toe nie; maar: "in sy tyd," sien, met die breek van daardie Seël. Ons sou presies weet wat dit was. Wie is hierdie man van ongeregtigheid? Wie is hierdie man van sonde, hierdie kêrel wat 'n werkende ongeregtigheid is? "Maar hy word geopenbaar in sy tyd."

> *Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk,* (bedrieërs, julle sien, mislei die mense in iets, sien): *net totdat hy* (God) *wat nou teehou, (die Kerk, Christus, die Bruid) uit die weg geruim is;*
>
> *en dan sal die ongeregtige geopenbaar word,* …

Met die breek van die Seël: "op sy tyd." Paulus het gesê: "Nie in my tyd nie, maar in die tyd wanneer hy geopenbaar sal word." Sien?

> *… hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg …*

Ons gaan na 'n rukkie daarby uitkom: "die gees van sy mond." Kyk wat dit is.

> *… en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,*
>
> *hy wie se koms is volgens die werking van die Satan …*

Hy, "hy," 'n man wie se werking is na die werking van Satan.

> *… met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen*
>
> *en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan,*(nie hierdie Bruid nie) *omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.*

En Christus is die Waarheid, en Christus is die Woord; maar hulle sal liewer 'n leerstelling wil hê. Huh! Sien?

> *… om gered te word nie.*

*En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,*

Dit behoort daar vertaal te word, soos ek in die leksikon gekyk het: "die leuen," nie "'n leuen nie." "Die leuen," dieselfde een wat hy vir Eva vertel het.

*sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.*

45 Wat 'n stelling! Goeiste! Nadat die Bruid weggeneem is, dan sal hierdie man van sonde homself openbaar.

Sy, die ware Bruid van Christus, is uit elke kerk tydperk uitverkies.

Nou, die ander dag het ek 'n stelling gemaak: "Die Bruid kan Huis toe gaan en jy sal nooit iets daarvan weet nie." Dis waar.

Iemand het gesê: "Wel, Broer Branham, dit sal 'n verskriklike klein groepie wees."

46 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag," nou jy praat met Hom daaroor, sien: "waarin agt siele gered is van water, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens." As hulle agthonderd was in die Wegraping vanaand, sou jy nooit 'n woord daaroor hoor môre, of die volgende dag, of geen ander tyd nie. Hulle sou weg wees en jy sou niks daarvan weet nie. Sien, dit sal net dieselfde ding wees.

Wat ek probeer sê? Ek probeer nie om julle bang te maak, julle laat kommer nie. Ek—ek wil hê julle moet op julle tone wees. Wees gereed, kyk uit, elke minuut. Hou op met jou nonsens. Maak net sake reg met God, want dis later as wat julle dink.

Nou, onthou, die ware Bruid!

47 Nou, daar is 'n vals bruid. Ons kry dit in Openbaring 17. Sy het gesê: "Ek is 'n weduwee, en het niks nodig nie," julle sien, sit op hierdie skarlakenrooi dier, ensovoorts, die gedierte, liewer.

Nou, maar die ware Bruid sal bestaan uit duisende maal duisende mense, maar dit sal die Uitverkorenes uit elke kerkeeu wees. Elke keer wat 'n boodskap uitgegaan het, en die mense dit geglo en dit aanvaar het in al die Lig wat dit was, toe is hulle verseël tot daardie Dag van Verlossing.

Leer Jesus nie dieselfde ding nie, toe Hy gesê het: "Die—die klank kom in die—die sewende wag"? Dis die laaste kerkeeu. Sien? En gesê: "Kyk, die Bruidegom kom; gaan uit om Hom te ontmoet."

En toe het die slapende maagd gekom, haar oë gevryf, en gesê: "ek veronderstel ek behoort van daardie Olie te hê, ook, so miskien moet jy liewer 'n bietjie hê."

En die regte, ware Bruid wat daar gestaan het, het gesê: "Ons het net genoeg vir onsself. Uh-huh. Ons het net genoeg om in te gaan, onsself Ons kan julle niks gee nie. As julle 'n bietjie wil hê, gaan bid julle self."

48 En terwyl sy weg was, het die Bruidegom gekom, en die Bruid het ingegaan. En dan daardie oorskot daar, die wat absoluut rein was, die kerk, is buite gelos. En Hy het gesê: "Daar sal 'n geween, en gekerm, en gekners van tande wees."

49 Sien, nou, dis die Uitverkorenes. En wanneer die klank kom: "Die Bruidegom kom," dan sal elkeen van hulle wat deur die eeue geslaap het, wakker word, elkeen. Sien, dit is nie God, soos ons sou dink, wat gaan net om vir Hom 'n paar duisend mense van hierdie eeu te soek en hulle te vat nie. Dis die einste Uitverkorenes uit elke tydperk. En dis waarom Christus hier op die bemiddelaar plek moet bly, as 'n Bemiddelaar, totdat daardie laaste een inkom in die laaste tydperk. En hierdie openbaringe dan, van wat dit was, breek los op die mense, en hulle sien wat gebeur het. Sien? Begryp julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen. — Red.] Goed.

50 Let op: "Die res van die dooies," kerklidmate: "het nie weer gelewe totdat eenduisend jaar verby is nie." Die kerklidmate, die—die Christene, die kerk, het nie weer gelewe tot die einde van die duisend jaar nie. En dan kom hulle na vore om voor die Bruid te staan, dis reg, staan voor die Koning en die Koningin. Glorie!

'n Kerk noem haarself vandag: "Die Koningin van die Hemel."

51 Die Koningin van die Hemel is die gekose Bruid van Christus, en Sy kom saam met Hom. Daniël het dit gesien, en gesê: "Tienduisend maal tienduisend het vir Hom gepreek." Nou as julle die Skrif daar sal dophou, in Daniël: "oordeel is bepaal, en die boeke is geopen." Onthou nou, wanneer Hy kom, kom Hy met Sy Bruid. Die vrou bedien haar man. "En tienduisende maal tienduisende van duisende het Hom bedien. Oordeel is bepaal, en die boeke word oopgemaak." "En 'n ander boek is geopen, wat die boek van die Lewe is," nie die Bruid nie, glad nie Sy het al opgegaan en teruggekom, en staan daar in oordeel van

daardie geslagte wat die Evangelie Boodskap geweier het.

Het Jesus nie gesê nie? "Die koningin van die Suide sal opstaan saam met hierdie geslag in haar dae, van die Oordeel, en sal hierdie geslag veroordeel; want sy het gekom uit die uithoeke van die wêreld, om die wysheid van Salomo te hoor, en meer as Salomo is hier." Daar het die—die oordeel gestaan, die koningin van—van Skeba, van die Suide, het daar gestaan in die Oordeel, en haar eie getuienis.

52 Nie eens 'n Jood het met daardie geslag opgekom wat Jode was nie. En hulle was blind, en het Hom gemis. Want, hulle het na Hom gesoek, maar Hy het so eenvoudig verskyn dat hulle reg bo-oor dit gegaan het, net so.

En, daar, het daardie groot koningin haarself verneder, en gestaan en die boodskap aanvaar. "En sy sal in die Oordeel staan," het Hy gesê: "en daardie geslag veroordeel."

53 Nou sien julle die drie klasse, altyd. Die boek, waaruit die dooies geoordeel word; 'n ander boek, die boek van die Lewe, hulle wat hulle name in die boek van die Lewe gehad het.

Hulle sê: "As jou naam in die boek van die Lewe is, is dit in orde, uh?" Nee, meneer!

Kyk, Judas Iskariot het sy naam in die boek van die Lewe gehad. Sê nou dis verkeerd? Jesus, in Matthéüs 10, het hulle mag gegee om duiwels uit te dryf, en het hulle uitgestuur om die siekes te genees, en om die melaatses te reinig, en die dooies op te wek. En hulle het uitgegaan en teruggegaan, Judas reg saam met hulle. En hulle het duiwels uitgedryf, en het allerhande wonderwerke gedoen. En het teruggekeer, en gesê: "Selfs die duiwels is onderworpe aan ons."

Jesus het gesê: "Moenie verheug wees dat die duiwels aan julle onderworpe is nie, maar juig omdat julle name in die Hemel geskryf is." En Judas was saam met hulle. Maar wat het gebeur? Toe dit neergekom het by die Uitverkore groep, om daar op te gaan met Pinkster en regtig die Heilige Gees te ontvang, het Judas sy kleure gewys. Hy sal daar wees in die Oordeel.

54 So die boeke was oopgemaak; en 'n boek, die Lewe, is geopen; en elke mens is so geoordeel. Nou, die Bruid staan daar saam met Christus, om die wêreld te oordeel. Die … Paulus sê: "Durf julle," praat met die Bruid: "wat enige soort van grief teen mekaar het, dat julle na die onregverdige wet gaan. Weet julle nie dat die heiliges sal die aarde oordeel nie?" Sien? Daar het julle dit. Die heiliges gaan die aarde oordeel en dit oorneem. Dis reg.

Sê: "Hoe in die wêreld gaan so 'n klein groepie soos daardie?" Ek weet nie hoe dit gedoen gaan word nie. Maar Hy het gesê dit gaan gedoen word, so dit handel dit net af, sover dit my aangaan.

55 Nou kyk. Nou let op. "Die res van die dooies," die kerklidmate, dooie kerklidmate: "het nie weer gelewe tot na die duisend jaar nie." En toe met die duisend jaar, kom hulle bymekaar; nog 'n opstanding gebeur, wat 'n tweede opstanding is, en hulle het vergader. En Christus en die Kerk, die Bruid, nie die kerk nie; die Bruid, Christus en die Koningin, nie die kerk nie. Chur- … Christus en die Bruid het daar gestaan.

En hulle word geskei, soos die skape van die bokke. Dis reg. Daar is die kerklidmate wat opkom. En as hulle die Waarheid gehoor het en die Waarheid verwerp het, wat gaan dan gesê word wanneer die groot ding oor die skilderdoek versprei is, wanneer selfs jou eie gedagtes daar sal wees, wat jy Daaroor gedink het? Hoe gaan jy dit ontsnap, en dit net daar op die skildery van die lug, en God se groot televisie daar. Dis jou eie gedagtes wat rebelleer. Jou eie gedagtes sal teen jou spreek in daardie uur.

So as jy een ding praat, en 'n ander dink, beter jy dit stop. Kry jou gedagtes op God. Hou hulle rein, en bly net daar met dit, en praat dieselfde ding die heeltyd. Sien? Moenie sê: "Wel, ek sal sê ek glo Dit, maar ek sal gaan uitvind." Jy glo Dit! Amen.

56 Let op, hierdie tipe, die rede waarom hulle uitsterf, hulle gaan deur die suiwering van beproewing van die Verdrukking omdat hulle nie werklik onder die Bloed is nie. Hulle beweer hulle is, maar hulle is nie. Hoe kan hulle deur 'n beproewing gaan, om hulle te reinig, wanneer dit is wanneer die (bleik) Bloed van Jesus Christus elke simptoom van sonde en goed van jou af wegneem? "En jy is alreeds dood, en jou lewe is verborge in Hom, deur God, en daarin verseël deur die Heilige Gees." Waarvoor gaan jy geoordeel word? Waar gaan jy jou reiniging kry? Waarvan moet jy gereinig word, wanneer jy volmaak in Christus is, sondeloos? Hoe … Waarvoor is die oordeel? Maar dis die slapende klomp, wat daardie mense nie kan uitmaak nie.

57 Nou, hulle het dit vir jare nie gedoen nie, julle sien, maar hierdie is die uur van openbaring, sien, sien, word geopenbaar met die koms van die Bruid; die laaste afsluiting, die laaste goed wat kom. Dit kom tot 'n einde, vriend, glo ek. Wanneer? Ek weet nie. Ek—ek kan julle nie sê nie. Maar enigiets … Ek wil vanaand lewe asof dit vanaand is, dat ek gereed sal wees. Sien? Hy mag vanaand kom, tog, en Hy mag nie kom vir twintig jaar nie. Ek weet nie wanneer Hy sal kom nie. Maar wanneer dit ookal is, … En my

lewe mag verby wees, vanaand; en, dan, wat ek ookal hier gedoen het, dis klaar op daardie uur. Ek—ek gaan Hom ontmoet in die oordeel, die manier waarop ek hier geleef het. "Die manier waarop die boom leun, dis hoe dit val."

58 Onthou, toe hulle Olie gaan koop het, het hulle … "O," sê jy: "wag nou 'n oomblik, Broer Branham. Ek weet nie van dit nie." Toe hulle Olie gaan koop het, toe hulle teruggekom het, was die Bruid klaar weg en die deur was toe. En hulle het geklop, en gesê: "Laat ons inkom! Laat ons in!" [Broer Branham klop verskeie kere op die preekstoel — Red.] Maar hulle was buite in die buitenste duisternis.

Nou, as julle 'n tipe daarvan wil hê, kyk nou. "In die tyd van Noag," het Jesus gesê, daarna verwys. Nou, in Noag se tyd, het hulle in die ark ingegaan. Maar hulle is gedra oor die … gedurende die tyd van die oordeel, maar dit—dit het nie Christus se Bruid getipeer nie.

Henog het die Bruid getipeer. Henog! Noag het oorgegaan, deur die Bruid … oorgegaan, deur die verdrukkingsperiode, en gely, en 'n dronkie geword, en gesterf. Maar Henog het voor God gewandel, vir vyfhonderd jaar, en het 'n getuienis gehad: "hy het God behaag," met wegrapende geloof; en net reguit begin uitstap, en opgegaan deur die hemele, en Huis toe gegaan sonder om eens die dood te proe; het nooit gesterf nie, glad nie.

59 Dis 'n tipe van: "Ons wat lewe en bly, sal nie verhoed, of hinder, daardie selfde tipe mense wat slaap, wat aan die slaap geraak het as gevolg van menslike ouderdom, in die—in die toestand van menslike ouderdom nie. Hulle het destyds gesterf, maar hulle is nie dood nie. Hulle slaap. Amen. Hulle slaap, is nie dood nie. En die enigste ding wat dit nodig het is die Bruidegom om hulle wakker te maak. Ja. "En ons wat lewe en oorbly, sal hulle wat alreeds aan die slaap geraak het, nie verhinder nie. Want die basuin van God sal weerklink, en die dooies in Christus sal eerste opstaan; dan sal ons wat lewe en oorbly saam met hulle weggeraap word, en ons sal die Here in die lug ontmoet."

"En die res van die dooies het nie vir 'n duisend jaar gelewe nie." Daar het julle dit, hulle het deur die Verdrukkingsperiode gegaan.

60 Wat was dit? Soos Henog. Julle weet, Noag het Henog dopgehou. Want, toe Henog vermis geraak het, het hy geweet oordeel was op hande. Hy het begin rondhang rondom die ark.

Maar Noag het nie opgegaan nie. Hy het net 'n klein stukkie opgelig, en het oor die tribulasies gery. Hy is deur die verdrukkingsperiode gedra, om die dood te sterf. Sien? Maar Noag was deurgedra.

Henog is opgeneem, sonder dood, 'n tipe van die Kerk wat opgeneem word met diegene wat slaap, om die Here in die lug te ontmoet, en die res van die kerk word oorgedra na die Tribulasieperiode. Kan self niks anders daaruit maak nie. Henog, weggeraap, geen dood nie.

61 Nou laat ons nou 'n bietjie begin studeer, kom by ons les. As ek net daarop bly, sal ons nooit in hierdie, die Seël kom nie. Nou let op. Laat ons nou neem, want ons gaan, mettertyd, miskien môre-aand of die volgende aand, 'n Basuin kry, nou en dan, want die Basuin weerklink dieselfdetyd as die Seëls. Dis net dieselfde ding. Die kerk tydperk maak oop, die … net dieselfde ding. Sien?

62 Nou, 'n basuin dui altyd oorlog aan, of andersins, politieke versteuring. Die trompet 'n politieke versteuring, en dit veroorsaak oorlog. Wanneer jy deurmekaar raak in politiek, en hulle almal deurmekaar maak, soos ons dit nou het, kyk uit, oorlog is op hande. Maar, sien, die koninkryk behoort steeds aan Satan. Hy het steeds hierdie deel in sy hand.

Want hoekom? Dit is verlos deur Christus, maar Hy doen die deel van die Bloedverwante Verlosser, neem Sy onderdane, tot die laaste een (naam) op daardie Boek geplaas word, alreeds Dit ontvang het en verseël is. Nou het julle dit? [Gemeente sê: "Amen. — Red.]

Dan kom Hy van Sy Troon af, Sy Vader se Troon, loop vorentoe, neem die Boek uit God se hand, van die Troon, en eis Sy reg op. Die eerste ding wat Hy doen, is om Sy Bruid te roep. Amen! Wat neem Hy dan? Hy neem Sy teenstander, Satan, en bind hom, en gooi hom daar in die vuur, met almal wat hom gevolg het.

Nou, onthou, dit was nie Rusland nie. Nee. Die antichris is 'n vleierige kêrel. Kyk net hoe glad hy is. Hy is slim, nou. Ja, meneer. Neem net die Heilige Gees; enigste ding wat hom kan oortref.

63 Let op, Trompette beteken politieke versteuring, oorloë. Matthéüs 24, Jesus het daarvan gepraat. Hy het gesê: "Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë, sien, heelpad deur dit." Julle onthou die … Jesus wat dit gesê het: "Oorloë, gerugte en oorloë, en gerugte en oorloë, tot reguit af tot aan die einde." Nou, dis die Trompette wat weerklink.

Nou, wanneer ons by die trompette kom, sal ons teruggaan en elkeen van daardie oorloë optel, en julle wys dat hulle daardie kerke gevolg het, julle wys hulle volg hierdie Seëls. "Oorloë en gerugte van oorlog." Maar, Trompet, dui politieke versteuring aan.

Terwyl, Seëls handel met die godsdienstige versteuring. Sien? 'n Seël word oopgemaak, 'n Boodskap word laat val. En dan is die kerk altyd so ingestel op sy eie politieke maniere, en wat ookal, en al sy hoogwaardigheid. En wanneer daardie ware Boodskap neerdaal, gaan daardie boodskapper uit en hy skud hulle in stukke. Dis reg. Dis godsdienstige versteuring wanneer 'n Seël oopgemaak word. Dis wat gebeur het. Ja. Ja.

64 Hulle raak heel op hulle gemak in Sion. Die kerk raak heeltemal gevestig, en: "Ons het dit alles goed." Net soos die kerk van Engeland, hulle was almal gevestig. Die Katolieke kerk, heeltemaal gevestig, en toe het Luther verskyn. Daar was 'n godsdienstige versteuring. Ja, meneer! Was verseker! Wel, die kerk het voortgegaan, met Zwingli. En van Zwingli, af na verskillendes, en na Calvyn. En naderhand, het die Anglikaanse kerk gevestig, en dit was net op sy gemak, en Wesley het verskyn. Daar was 'n godsdienstige versteuring. Dis reg. Sien, dit dui altyd 'n godsdienstige steurnis aan.

65 Nou, die Seël. Laat ons Dit nou net 'n bietjie lees. Ek wil—hierby uitkom, ons sal Dit net lees. Wanneer ek begin praat. Ek …

> *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak;* (wat het gebeur?) *en ek het een van die vier lewende wesens hoor se, soos die geluid van 'n donderslag:* …

O, hoe graag wil ek daarby stilstaan net 'n paar minute! En ek hoop nou dat al die mense wat hierdie dinge weet en wag vir die vertroosting van die Here, sal nou baie goed bestudeer; en op die bande, ook, dat julle hieraan sal dink.

Die eerste ding wat gebeur het, toe daardie Lam daardie Eerste Seël gebreek het, 'n Donderslag het gebrul. Nou, dit het 'n betekenis. Dit moet … Dis betekenisvol. Dit het 'n betekenis. Dis 'n betekenis. Niks gebeur sonder 'n betekenis nie. Goed, 'n Donderslag, 'n Donderslag het gebrul. Wonder wat was daardie Donderslag?

66 Nou laat ons 'n bietjie lees. Laat ons blaai na Matthéüs … Nee, laat ons Johannes eerste neem. Johannes, 12de hoofstuk, en hou dit net 'n oomblik. Johannes, die 12de hoofstuk. En nou laat ons begin met die 23ste vers van Johannes 12. Nou luister hier, nou, baie aandagtig, dan hoef julle nie meer te wonder wat dit is nie.

> *Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.*

Sien, jy's aan die einde van 'n eeu, daar Sy bediening eindig. Sien? "Die uur het gekom, dat die Seun van die mens verheerlik sal word."

Wat van: "Die uur het gekom wanneer Sy Bruid weggeneem moet word"? Wat? Die uur het gekom, dat: "Daar sal geen tyd meer wees nie." Die Engel is gereed om een voet op die land te sit, en die ander een op die see, met 'n reënboog oor Hom, kordaat, en sê: "Tyd is verstreke." En met dit, het Hy Sy hand opgesteek en gesweer dat "tyd nie meer sal wees nie," wanneer dit gebeur. Hoe—hoe volmaak is dit, 'n beëdigde verklaring vir die Kerk!

> … *Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.*
>
> *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.*
>
> *Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.*
>
> *As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer.*
>
> *Nou is my siel ontsteld,*

67 Jy sê: "Wel, Hy, wat aan die einde van die pad kom, en jy het probleme?" Wat dink jy wanneer een of ander groot geestelike iets gebeur, pla dit jou? O, goeiste! Uh-huh!

> *Nou in my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red my uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom.*
>
> *Vader, verheerlik u Naam. Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom: Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.*
>
> *En die skare wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het.*

68 En, toe die Lam die Boek geneem en daardie Eerste Seël gebreek het, het God van Sy Ewige Troon

gepraat, om te sê wat daardie Seël was, om geopenbaar te word. Maar toe Dit voor Johannes geplaas is, was Dit in 'n simbool. Toe Johannes Dit gesien het, was Dit steeds 'n geheim. Hoekom? Dit was nie eens toe geopenbaar nie. Dit kan nie geopenbaar word voor wat Hy hier gesê het nie: "aan die end tyd." Maar dit het in 'n simbool verskyn.

Toe, die "donderslag" geslaan het. Onthou, 'n harde klapgeluid van 'n Donderslag is 'n Stem van God. Dis wat die Bybel sê, sien: "die klap van Donder." Hulle het gedink dit was 'n donderslag, maar Dit was God. Hy het Dit verstaan, want Dit was aan Hom geopenbaar. Sien? Dit was 'n Donderslag.

69 En, let op, die Eerste Seël het oopgegaan. Die Eerste Seël, toe Dit geopen is in die simboolvorm, het dit gedonder. Nou wat van as Dit oopgemaak word in Sy werklikheidsvorm? My … Dit het gedonder toe die Lam die Seël gebreek het. En wat het Dit geopenbaar? Nie alles van Homself nie. Eerstens, is Dit met God; volgende, Dis in 'n simbool; dan, word Dit geopenbaar. Drie goed. Sien? Dit kom voort uit die Troon.

Eerstens, Dit kan nie gesien, gehoor word, of niks nie. Dis verseël. Die Lam se Bloed het die prys betaal.

70 Dit het gedonder toe Hy Dit uitgespreek het. En toe Hy het, het 'n ruiter op 'n wit perd begin, en Dit was steeds 'n simbool. Nou kyk, Hy het gesê Dit sou bekend wees in die laaste dag. Maar Dit kom voort in 'n kerksimbool. Verstaan julle dit, kerk? [Gemeente sê: "Amen. — Red.] Dit kom na vore in 'n—'n simbool van 'n kerk, dat hulle weet daar is 'n Seël. Maar net wat Dit is, tog, weet hulle nie, want Dis 'n wit-perde ruiter.

En om net geopenbaar te word in die laaste dag, wanneer hierdie werklike Seël gebreek word. Gebreek vir wie? Nie vir Christus nie, maar aan die Kerk. Let nou op. O, goeiste, dit laat my net bewe! Ek —ek—ek hoop dat die Kerk Dit waarlik verstaan, wat ek bedoel, julle mense. Ek gaan julle Bruid noem, sien, dat Julle Dit sal verstaan.

71 Die Stem is 'n Donderslag. Waar het Die Stem vandaan gekom? Van die Troon af waar die Lam pas weg is, as Bemiddelaar. Nou staan Hy hier om Sy posisie en Sy aansprake te kleim. Maar die Donderslag het van die binnekant van die Troon gekom, het gedonder. En die Lam het hier gestaan. Die Donderslag, waar die Lam reeds weg was. Het die Vader se Troon verlaat, om Sy Eie Troon te vat. Glorie! Nou, moet dit nou nie mis nie, vriende.

Ons weet almal, as Christene, dat God aan Dawid gesweer het dat Hy Christus sou oprig om op sy Troon te sit, en Hom 'n ewigdurende koninkryk hier op aarde sal gee. Hy het dit gedoen.

En Jesus het gesê: "Hy wat die antichris oorwin en al die dinge van die wêreld, sal saam met My op My Troon sit, soos Ek oorwin het en op My Vader se Troon gaan sit het." Sien?

72 Nou, eendag staan Hy op van die Vader se Troon, en gaan vat Sy Eie Troon.

Nou kom Hy na vore om Sy onderdane te roep. Hoe gaan Hy hulle opeis? Hy het alreeds die Boek van Verlossing in Sy hand. Glorie! O, ek voel om 'n lied te sing.

Binnekort sal die Lam Sy Bruid neem om altyd aan Sy sy te wees,
Die hele leër van die Hemel sal saam vergader, (om dit te sien);
O, dit sal 'n wonderlike gesig wees, al die heiliges in vlekkelose wit;
En saam met Jesus sal ons Ewiglik feesvier.

O, goeiste! Praat van "sit nou in Hemelse plekke"? Hoe sal dit wees! As ons so kan voel, wyl ons sit hier op aarde, voor die Wegraping kom, in hierdie toestand waarin ons nou is; en ons kan geniet, en om mure staan, en in die reën staan, net om Dit te hoor; hoe sal dit wees wanneer ons Hom daar sien sit! O, goeiste! O, dit sal 'n glorieryke tyd wees.

73 Het die Vader se Troon verlaat, voortgekom na … Sy Seun, om die … Hy is die Seun van Dawid. Dis wat die Israel gedink het Hy sou toe doen. Onthou die Siro-Feniciese vrou, het gesê: "U Seun van Dawid!" Onthou blinde Bartimeus: "U Seun van Dawid!" Uh-huh! En Jesus, wat geweet het wat die plan was, tog het hulle dit nie geweet nie. Hulle het Hom probeer forseer en maak dat Hy die troon sal inneem. En selfs Pilatus het Hom gevra.

Maar Hy het gesê: "As My koninkryk van hierdie wêreld was, dan sou My onderdane geveg het. My koninkryk is Bo." Maar Hy het gesê: "Wanneer julle bid, bid: 'Laat U Koninkryk kom. U wil hier op aarde geskied, soos dit in die Hemel is.'" Amen. Uh-huh! Hoe glorieryk hierdie groot ding!

74 Het die Vader se Troon verlaat, om Sy Eie Troon te neem. Hy het nou voortgekom van Sy bemiddelaars werk, om Sy Eie Troon op te eis, Sy verloste onderdane. Dis wat Hy voor afgekom het van die Troon om te doen. Dit is toe dat die leeuagtige Wese vir Johannes gesê het: "Kom, kyk." Kyk. Lees julle dit?

… en van die seëls, en dit … asof dit 'n donderslag was, en een van die vier gediertes …

Weet julle wat die Gediertes was. Ons het hulle bespreek. "Een soos 'n leeu; een soos 'n kalf; en een soos 'n man; en een soos 'n arend." Nou, hierdie eerste Gedierte het gesê … Kyk, elke keer is daar 'n ander Gedierte, totdat daardie vier perderuiters verbygaan. Daar is vier Gediertes, en daar is vier perderuiters.

Let op, elkeen van daardie Gediertes kondig aan. Matthéüs, Markus—Markus, Lukas, en Johannes. Ons gaan terugkom en bewys watter een, Matthéüs, Markus, watter een Markus—Markus, watter een was Johannes, elkeen soos hulle gegaan het! …?…

*… een van die … gediertes wat sê: Kom … kyk.*

75 Hy het die geluid van 'n donderslag gehoor. En een van die Gediertes het gesê: "Nou kom, kyk."

Met ander woorde, nou, *hier* staan die Lam, en Johannes staan daar en kyk hoe dit gebeur. Die Lam het opgekom van die Troon af, asof Hy geslag is, Bloed oral oor Hom. Hy was die Een wat waardig gevind is. En toe Hy uitgereik en die Boek geneem het, toe het alles begin skree, en skree, en aangaan, julle sien, want hulle het geweet verlossing is betaal.

76 Nou het Hy gekom om Sy Eie op te eis. So, Hy neem die Boek, staan daar voor Johannes, en Hy trek Dit terug en breek die Seël. Trek die Seël af! En toe Hy die Seël aftrek, het 'n Donderslag deur die plek geklap. En toe 'n Donderslag geklap het, sou Johannes ongetwyfeld in die lug kon opspring, toe 'n Donderslag geslaan het.

En toe het een van die vier Gediertes gesê: "Nou kom, kyk wat Dit is, wat hieronder geopenbaar word." O, goeiste! "Johannes, skryf wat jy gesien het." So Johannes gaan kyk, kyk wat Dit was. Johannes gaan kyk wat die Donderslag gesê het. Dis toe dat hierdie Skepsel vir Johannes gesê het: "Kom, kyk wat die geheim onder die Eerste Seël is." [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel — Red.] Die Donderslag, die Stem van die Skepper het Dit uitgespreek. Nou, Hy behoort te weet wat Daar is. Sien? O, goeiste! Maar, dink nou, hy het Dit geskryf.

77 Maar toe hy daardie ander begin skryf het, Sewe Donderslae, het Hy gesê: "Moet Dit nie skryf nie." Hy was opdrag gegee om alles te skryf wat hy gesien het. Maar toe hierdie Sewe Donderslae, oor in Openbaring 10, geuiter is, het Hy gesê: "Moet Hulle nie skryf nie, glad nie." Hulle is verborgenhede. Ons weet nog nie wat hulle is nie. Maar, volgens my opinie, sal hulle dadelik geopenbaar word. En wanneer dit gebeur, sal dit geloof gee vir daardie wegrapende genade, vir daardie Kerk om uit te beweeg. Sien?

Ons het pas deur alles beweeg waarvan ons weet, deur al die bedelings. Ons het alles gesien. Ons het die geheime van God gesien. Ons het die verskyning gesien van die—van die groot byeenkoms van die Bruid in die laaste dae. Maar, tog, daar is iets Daarin wat ons net nie onsself kan verstaan nie. Daar is iets anders.

Maar ek stel my voor, wanneer daardie verborgenhede begin voortkom, het God gesê: "Hou Dit nou terug. Wag 'n oomblik. Ek sal Dit openbaar in daardie dag. Moet Dit nie skryf nie, geensins, Johannes, want hulle sal Daaroor struikel. Laat dit net— los dit, sien. Maar Ek sal Dit openbaar in daardie dag wanneer dit nodig sal wees om gedoen te word."

Hulle is nie vir niks geuiter nie. Onthou, soos die druppeltjie ink, alles is vir 'n doel. Alles het 'n doel. Maar, let op, die Skepper het geuiter. En hy—hy het hierdie Stem gehoor, en hy het gaan kyk.

78 Maar nou wys die Lam Johannes, met die simbool van … van 'n—van 'n kerkskrif, soos, vir die kerk om te weet. Wat om te skryf, het Hy hom net gewys. Gesê: "Nou, moenie—moet dit nie sê nie, wat dit is nie. Moenie afgaan nie, Johannes, en sê, nou, dit is net wat dit is, van wat onder hierdie Sewende Seël is nie. Moenie, moenie afgaan en dit vertel nie. Want, as ek dit vir Johannes sê, dan regdeur die tydperk, sal die hele plan verbreek word. Dis 'n geheim." Sien? Hy wil net hê … Sy Koms! Hy het gesê, nou: "En niemand gaan weet wanneer ek kom nie. Ek sal net verskyn." Sien? Sien? Dis al. Dit is nie my besigheid om te weet wanneer nie. Ek sal net gereed wees, julle sien. So toe het hy gesê …

Nou Johannes het uitgegaan, hy het gedink: "Ek gaan Dit nou sien."

79 En wat het hy gedoen, toe Johannes uitgegaan het? Hy, nou, wat moet hy doen? Nou hy moet dit vir die kerk tydperk skryf. Dis wat hy veronderstel is om te doen, skryf dit aan die kerk tydperke. "Skryf wat jy sien van hierdie Sewe Goue Kandelare, aan die begin. Skryf aan hierdie kerk en vertel hulle." Goed.

80 En 'n Donderslag het afgegaan. Johannes het geweet dit was die Stem van God. En toe het die—die leeuagtige Wese gesê: "Kom, kyk wat dit was." En Johannes het nou uitgegaan, met sy pen, om te skryf wat hy sou sien.

Nou, hy het nooit presies gesien wat dit was nie. Hy het dit nooit verstaan nie. Maar wat hy gesien het was wat God vir die kerk gestuur het vir "'n tyd." Nou Hy het … Hy sal; Hy doen dit altyd; Hy maak

dit duidelik wanneer dit tyd is om dit duidelik te maak. Maar Hy het dit nie toe duidelik gemaak nie. Hoekom? Want, Hy sou dit geheim hou tot die laaste eeu. En die weerklank van die laaste engel se Boodskap was om hierdie geheime bymekaar te maak. Sien?

81 Het dit nie duidelik gemaak nie. Maar wat Johannes gesien het, hy het pas gesien: "'n Wit perd wat uitgaan, met 'n ruiter daarop," so dis wat hy neergeskryf het, sien, toe hy het.

Dis wat hy gesê het: "Kom, kyk."

So Johannes het gaan kyk wat hy kon sien, om aan die kerk te skryf. En toe hy het, het hy gesien: "'n Wit perd, en hy wat daarop gesit het, het 'n boog gehad; en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin; en daar is vir hom 'n kroon gegee." En, nou, dis al wat Johannes gesien het, so hy het net geskryf, dit alles neergeskryf. Nou, sien, dis in simbool. Dis hoe die kerk Dit ontvang het.

82 Maar, met die belofte, dat Hy op die laaste dag Dit sou openbaar, wys wat Dit is. God, help ons om te verstaan. Kerk tydperke, maar word nie ten volle bekend gemaak tot die sewende Boodskap, van hierdie laaste kerk tydperk nie. Let op, hy begin …

Hierdie boodskapper van die sewende kerkeeu, as julle dit sal oplet, hy begin nie 'n denominasie, soos die res van hulle het nie. Onthou, as hy nie begin … Nee. Julle sal uitvind, hy is daarteen. Was Elía, was Elía teen dit? Sekerlik, hy was. Was Johannes daarteen, met Elía se Gees?

Watter soort Gees het Elía op hom gehad? Hy was … Niemand weet veel van hom nie. Hy was net 'n man, maar hy was 'n profeet. Hy was gehaat. Goeiste! En watter tyd het hy verskyn? Reg in die tyd van die gewildheid van Israel, toe hulle almal wêrelds geword het. En hy het dit moeilik gehad, en hy was 'n "vrouehater." Uh-huh. Ja, meneer. Was beslis. En hy was lief vir die wildernis. Dit was sy natuur.

83 En, daardie mense moes geweet het toe daardie ou daar met daardie selfde Gees op hom, daar uitgekom het, hierdie Johannes. Nie aangetrek soos die beroemdes nie, soos ek gisteraand gesê het; hulle soen die babas, en trou, en begrawe, ensovoorts. Maar hierdie man het uitgekom as 'n wildernis man. Wat was hy? Hy was lief vir die wildernis. Nog 'n ding wat hy gedoen het, hy het denominasie gehaat. Hy het gesê: "Nou, moet julle nie begin sê: 'Ons behoort aan *hierdie* of *daardie*, 'want ek sal julle sê, God is in staat om uit hierdie klippe, kinders van Abraham op te wek."

Hy het geen kompromies getref nie. Hulle kon nie … Gesê: "Het julle gegaan om 'n riet te sien skud deur wind? Nie Johannes nie." Nee, meneer.

84 Wat het hy gedoen, ook? Net soos Elía wat vir Jesébel vertel het, het hy vir Herodia vertel. Het reg opgeloop tot by Herodus se gesig, en gesê: "Dis nie wettig vir jou om haar te hê nie." Sy het sy kop afgekap, daarvoor. Sien? Sy het probeer om Elisa te kry. Daardie selfde gees, wat in Jesébel was, was in daardie vrou.

En dieselfde ding is vandag in die Jesébel kerk, dieselfde ding. Nou let op. Wat 'n groot les vind ons hier!

En, nou, lyk asof daardie mense moes geweet het. Johannes het hard begin praat met die mense, en hulle het daar gestaan, neem aan hulle moes geweet het dit was daardie Gees van Elisa. Hulle moes dit verstaan het. Dis wat hy was.

85 Nou, en ons vind nou, en het deur die kerk tydperke, volgens die Skrif, dat ons 'n Gees soos dit beloof is en dat dit sou terugkeer, net voor die endtyd. Is dit waar? [Gemeente sê: "Amen. — Red.]

Nou, en let op, julle sal die aard daarvan oplet. Nou, hy sal nie nog 'n kerk tydperk begin, soos Luther, en Wesley, en die res van hulle het nie. Hy sal nie 'n ander kerk begin nie, want daar is nie meer kerk tydperke om te begin nie. Sien? Daar sal nie meer wees nie. So hy moet daarteen wees, want sy Gees sal net presies wees soos hulle daardie tyd was, dieselfde Gees.

Soos ek gisteraand gesê het, dit het God behaag om Dit drie verskillende tye te gebruik. Dis Sy getal, drie, nie twee nie; drie. Het Dit alreeds twee keer gebruik, nou gaan Hy Dit weer gebruik. Hy het so gesê, dit belowe. Nou let op, hy …

86 Let nou op, toe Hy het. Hy gaan nie 'n denominasie begin nie, want die Laodicése Kerk tydperk is die laaste eeu. En die boodskapper, van die sewende engel, wat die sewende boodskapper is, aan die sewende kerkeeu, is die persoon wat gaan openbaar, deur die Heilige Gees, al hierdie geheimsinnige dinge. Dit gaan … Hoeveel was hier gisteraand? Laat ons jou hand sien. Ek skat ek sal Dit nie hoef oor te lees nie, dan. Julle weet net waar dit is, die—die 10de hoofstuk, sien. Goed. Goed.

87 Die hervormers het gekom om die laaste gevalle kerk tydperk wat hulle voorafgegaan het, te hervorm. En dan, nadat die hervormers gekom het en die—die kerk tydperk hervorm het van waar dit was, en teruggegaan het in die wêreld, dan begin hulle 'n nuwe kerk tydperk. Hulle het dit altyd gedoen,

altyd. Nou, ons het daardeur gegaan. Sien?

Met ander woorde, *hier* was 'n Katolieke kerk tydperk, van die Rooms Katolieke kerk. Luther het verskyn, 'n hervormer. Hy word 'n hervormer genoem. En wat doen hy? Hy begin net daar, om te hamer. En, toe hy het, protesteer hy teen die kerk. En, die eerste ding julle weet, wat doen hy? Hy bou dieselfde ding waaruit hy gekom het om uit te gaan, 'n ander kerk.

Toe het hulle nog 'n kerk tydperk. Toe, voor jy weet, hier is Die kerk tydperk in so 'n gemors. Toe kom John Wesley, nog 'n hervormer. Sien, bou nog 'n kerk tydperk. Begryp wat ek bedoel? Nog 'n kerkeeu is opgebou. Hulle is almal hervormers.

88 Let op, hierdie laaste Boodskap, van die laaste kerk tydperk, is nie 'n hervormer nie. Hy is 'n profeet, nie 'n hervormer nie. Wys my waar een profeet ooit 'n kerk tydperk begin het. Hy's nie 'n hervormer nie. Hy is 'n profeet.

Ander was hervormers, maar nie profete nie. As hulle sou wees, die Woord van die Here kom na die profeet. Dis waarom hulle voortgegaan het in die doop "Vader, Seun, Heilige Gees," al hierdie ander dinge, omdat hulle hervormers was, en nie profete nie. Maar tog was hulle groot manne van God, en het die nood gesien van die dag waarin hulle gelewe het. En God het hulle gesalf, en hulle was uitgestuur en het daardie goed in stukke geskeur. Maar die volle Woord van God het nooit na hulle gekom nie, want hulle was nie profete nie. Hulle was hervormers.

89 Maar in die laaste dae, sal dit 'n profeet moet wees, om die verborgenhede van God op te neem, om dit terug te bring, omdat die geheime slegs deur die profete geken is. So, dit moet hierdie persoon wees wat kom. Sien julle wat ek nou bedoel? Hy kan nie 'n hervormer wees nie. Dit moet 'n profeet wees, want dit moet iemand wees wat begaafd is en daar sit, wat die Woord optel.

Nou, daardie hervormers het geweet daar was iets verkeerd. Luther het dit geweet, dat daardie brood nie die liggaam van Christus was nie. En so het hy gepreek: "Die regverdige sal deur geloof lewe," en dit was sy boodskap. En toe John Wesley aangekom het, het hy gesien dat daar heiligmaking was, so hy het heiligmaking gepreek. Dit was sy boodskap. Sien? Die Pinksters het die boodskap van die Heilige Gees ingebring, ensovoorts.

90 Maar in die laaste dae, in hierdie laaste tydperk, moet die boodskapper nie enige hervorming begin nie, maar moet al die verborgenhede neem wat daardie hervormers agtergelaat het, en hulle bymekaar maak en hulle oplos vir die mense. Laat ek Dit net weer lees. Dit klink so goed vir my! Ek—ek lees Dit graag.

> … *En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;*

Nou, ons het dieselfde ding gesien, wat Christus was. En ons weet Christus is altyd die Boodskapper aan die Kerk. Goed. Hy word die Kolom van Vuur genoem, die Engel van die Verbond, ensovoorts.

> *en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad,*

Nou, die Seëls is klaar gebreek, hier. Ons breek hulle nou. Maar, hierdie, die Ding is oop.

> *en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;*
>
> *en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.* (Goeiste! Die geheel!)
>
> *En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe,* (wat skryf?) wat hulle gesê het; *maar ek het 'n stem uit die hemel* (God) *hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.* Moenie hulle skryf nie. (Sien?)
>
> *En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef,*
>
> *en Hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het, en die wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie;*

91 Kyk! Moenie dit nou vergeet, soos ons aangaan nie.

> *maar in die dae* (dae) *van die stem van die sewende engel,* …

Daardie laaste engel, aardse engel. *Hierdie* Engel het neergedaal uit die Hemel. Dit was nie Hy nie; Hy het uit die Hemel gekom. Maar Hy praat hier van die stem van die sewende engel, wat 'n … *Engel*

beteken 'n "boodskapper," enigiemand weet dit, en die boodskapper aan die kerk tydperk.

> *maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid* (Sewe Seëls, alles, al die geheime) *van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.*

92 Die hele verborgenheid word ontvou. Dis die bediening van daardie engel. Sien? Sal so eenvoudig wees, mense val net bo-oor dit. Maar, tog, sal dit volmaak bevestig word. Dit sal net perfek bekend wees. Sien? Almal wat dit wil sien, kan dit sien. Sien? Dis reg. Maar die …

Jesus het gesê, soos Hy gesê het toe Hy gekom het, sê: "Julle het oë, en kan nie sien nie. Jesaja het gesê jy het. Sien? En jy het ore, en jy kan nie hoor nie." Nou, so ons vind uit dat …

Dit het my bang gemaak. Ek het teruggekyk daar na daardie horlosie en ek het gedink dit was tienuur. Maar, dis, ek—ek het … Dit is nog nie eens nege uur nie, sien. Goed. O, goeiste! Laat ons dit nou kry. Let op. Ek lief dit.

93 Ander, hervormers, het, synde groot manne van God, het die behoefte van die dag gesien, en het hervorming voortgebring.

Maar Openbaring 10 het gesê sy Boodskap moes openbaar word, nie hervorm nie; openbaar die geheime. Openbaar geheime! Dis die Woord in die man. Hebreërs 4 het gesê, dat: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n deurdringing selfs tot die skeiding van been, en openbaar die geheime van die hart." Sien? Hierdie man is nie 'n hervormer nie. Hy is 'n openbaarder, openbaar (wat?) die verborgenhede van God. Waar die kerke Dit alles vasgemaak het en alles, moet hy na vore kom met die Woord van God en die ding openbaar.

94 Want, hy moet "die Geloof van die kinders terugbring na die vader." Die oorspronklike Bybelgeloof moet herstel word deur die sewende engel. Nou, o, hoe lief het ek dit! Al die geheime van die Seëls, wat die hervormers nooit ten volle verstaan het nie! Sien? Nou kyk na Maleági 4, net 'n oomblik. Wel, skryf dit net neer. Hy is 'n profeet, en: "restoureer die oorspronklike Geloof van die vaders." Nou ons wag vir daardie persoon om op die toneel te verskyn. Hy sal so nederig wees dat tienmiljoen maal tienmiljoene sal … Wel, daar sal 'n klein groepie wees wat Dit sal verstaan.

Kyk, julle onthou nou die dag, toe Johannes veronderstel was om te kom, geprofeteer het, 'n boodskapper voor Christus gekom het, "'n stem van een wat huil in die wildernis." Maleági het hom gesien. Kyk, die 3de hoofstuk van Maleági is die koms van die Elía wat moes kom en die koms van Christus voorafgaan.

Jy sê: "O, nee, nee, Broer Branham. Dis die 4de hoofstuk." Verskoon my.

95 Jesus het gesê dit was die 3de hoofstuk. Neem nou Mattheus.. Neem Matthéüs, die—die 11de hoofstuk en die 6de vers, sal Hy—sê Hy dit. Die 11—11de hoofstuk, ek glo dis die 6de vers; 4de, 5de, of 6de, net daar om en by. Hy het gesê: "As julle dit kan ontvang," toe Hy van Johannes gepraat het: "dit is hy van wie gepraat is: 'Ek sal My boodskapper voor My aangesig stuur.'" Lees nou Maleági 3. Party van hulle probeer dit toepas op Maleági 4. Nee, meneer, dis nie dit nie.

Let op Maleági 4, sodra daardie boodskapper uitgaan, is die wêreld heeltemal verbrand, en die regverdiges loop uit in die Millennium, op die as van hulle. So, julle sien, as jy hom daar terug sit, dan—dan het die Bybel iets gesê wat nie so was nie. Ons het tweeduisend jaar gehad, en die wêreld is nog nie verbrand nie, en die regverdiges lewe daarin. So dit moet in die toekoms wees. O, goeiste! [Broer Branham klap sy hande een keer — Red.]

As jy hier in Openbaring kom, en sien wat daardie boodskapper aan die einde van hierdie eeu veronderstel is om te doen, dan sal jy sien wat dit is. Hy moet 'n profeet wees. Hy moet hierdie doel sien wat hierdie hervormers nie gesien het nie, en Dit daarin plaas.

96 Hoe kan Matthéüs 28:19 vergelyk met Handelinge 2:38, sonder die geestelike openbaring van God? Hoe kan hierdie mense sê die dae van wonderwerke is verby, ensovoorts soos dit, en (huh!) sonder openbaring van God? Die enigste manier wat hulle dit ooit sal weet, weet of dit reg of verkeerd is! Sien? Maar hulle het deur teologiese skole gegaan. Ek hoop ons het tyd om daarop in te gaan.

Ek wil opskud, want ek wil julle nie langer as 'n week hier hou nie, julle weet wat ek bedoel, hierdie, oopmaak van hierdie Seëls. Ek het een dag, en ek wil graag gebed hê vir die siekes op daardie dag, as ek kan.

97 Nou kyk, Maleági 4, hy's 'n profeet, en "restoureer die oorspronklike Geloof van die vaders."

Aan die endtyd, wanneer die Verdrukkings periode kom … Nou hier is 'n dingetjie wat ons gaan terugkeer na, 'n minuut, waar die drie en 'n half jaar … Of, Daniël se sewentig weke, die laaste helfte van

Daniël se sewentig weke, wat drie en 'n half jaar is. Nou, ons, hoeveel onthou dit, van die kerk tydperke af? [Gemeente sê: "Amen. — Red.] Sien? "Daar is sewentig weke bepaal." Kyk hoe perfek was dit. Gesê: "Messias sal kom, en Hy sal afgesny word, as 'n offerhande, in die middel van die week, en die verpligting sal ophou." Dan, is daar nog drie en 'n half jaar oor, vir die Messiaanse Doktriene aan die Jood.

98 En God handel nie met die Jood en die Heiden terselfdertyd nie. Hy deel met Israel as 'n nasie, Heiden as 'n indiwidu. Hy het nooit die Heidene vir Sy Bruid geneem nie; Hy het 'n mense uit die Heidene geneem. Sien? Nou Hy deel met Israel as 'n nasie. En nou daar sit sy, net daar nou, as 'n nasie.

Ek het vandag 'n brief van Paul gekry, Paul Boyd. En hy het vir my gesê, gesê: "Broer Branham, hoe waar is dit! Hierdie Jode het steeds 'n snaakse gevoel teenoor die Heidene, maak nie saak wat gebeur het nie." Sekerlik, hulle sal. Hulle behoort te.

99 Toe Martin Luther die proklamasie gemaak het, dat: "Alle Jode behoort weggedryf te word, en hulle geboue afgebrand word, omdat hulle antichris was." Sien? Martin Luther het daardie stelling gemaak, self, in sy skrywe. Nou, Hitler het net vervul wat Martin Luther gesê het. Waarom het Martin Luther dit gesê? Omdat hy 'n hervormer was, nie 'n profeet nie.

God, wat: "My profeet het Israel geseën, het hy gesê: 'Wie ookal jou seën sal geseën word, en wie jou vervloek sal vervloek wees.'" Hoe kan een profeet staan en ontken wat die ander profeet gesê het? Hy kan dit nie doen nie. Dit moet in harmonie wees, sien.

100 Maar dis waarom hulle klas … Sien, Duitsland is veronderstel om 'n Christen nasie te wees, en, hulle, die manier waarop hulle Israel behandel het! Hulle het steeds 'n gevoel teenoor hulle, en jy kan hulle nie blameer nie. Maar onthou net, die Jode wat hier sit, moenie bekommerd wees nie, die dag kom! God kan hulle nooit vergeet nie. Hulle was verblind om ons ontwil.

Julle weet, Hy het vir die profeet gesê, Hy … Die profeet het uitgeroep, gesê: "Sal U Israel vergeet?"

Hy het gesê: "Neem daardie maatstok; en hoe hoog is die lug? Hoe diep is die see?"

Hy het gesê: "Ek kan dit nie meet nie."

Het gesê: "Nooit kan ek Israel vergeet nie." Dis Sy mense, Sy dienaars.

En die Heiden, net 'n paar word daarvan geneem, vir Sy Bruid. Dis presies reg. Dis die Bruid.

101 Nou, die sewentig weke was bepaal, perfek, soos Daniël gesê het dat Messias sou kom en afgesny word in die middel van die week. En Jesus het drie en 'n half jaar geprofeteer. Nou, in die middel van dit, drie-en-'n-half jaar van Daniël, in die middel daarvan, was Hy afgesny. Maar nou die laaste deel is die Verdrukkingsperiode, waar die Heidense kerk is. O, dit is wonderlik! Nou moenie … Die Bruid gaan in saam met die Bruidegom; dan, na die Millennium, loop uit op die as van die bose.

102 Laat ek julle iets hier wys, net terwyl ons dit in gedagte het. Laat ons julle net wys wat Dit gesê het, wat die Bybel sê. En ons kan nie ontken dat Dit die Woord van God is nie. As ons dit doen, dan is ons ongelowiges. Sien, ons moet Dit glo. Julle sê: "Ek verstaan Dit nie." Ek ook nie. Maar ek soek na Hom om Dit te openbaar. Kyk.

> *Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles* (soos die Amerikaners, ensovoorts) *en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees;* (dit gaan brand) *en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, se die HERE van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.*

103 Hoe het jy dan 'n Ewige hel daarin? Sien, dis die laaste dae, wanneer hierdie dinge geopenbaar word. Daar is geen plek in die Bybel wat sê die hel is Ewig nie. Dus, om in 'n Ewige hel te moet wees, moet jy Ewige Lewe hê om daar te bly. Daar is net een vorm van Ewige Lewe, en dis waarvoor ons worstel. Alles, wat 'n begin gehad het, het 'n einde. "Hel is geskep vir die duiwel en sy engele," en sal vernietig en mee weggedoen word. Reg. Sien? Maar wanneer dit plaasvind: "Laat dit hulle nie wortel of tak nie."

> *Maar vir julle wat My Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*

> *En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, se die HERE van die leërskare.*

Waar gaan die goddelose wees na die Verdrukking? As.

> *Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel, met insettings en verordeninge.*

*Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek.*

104 Amen! Hier sluit die Ou Testament so af, en hier sluit die Nuwe Testament af met dieselfde ding. Hoe gaan jy dit weghou? Kan nie. Kyk: "Ek sal vir julle Elía die profeet stuur voor daardie dag kom."

*En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.* (Uh!)

105 Daar het julle dit. Dis die Woord van die Here. Hy het dit belowe. Dit moet gebeur. En nou as julle sal oplet hoe dit gebeur. Dis pragtig, hoe God dit doen. Die Bruid gaan aan, en saam met die Bruidegom. En—en dan na dit, word die goddelose met onblusbare vuur verbrand. En na die wêreld se reiniging, herproduseer hy homself. Alles moet dit doen, moet deur 'n staat van reiniging gaan.

Vulkane sal uitbreek in daardie groot laaste tyd, en die wêreld sal bars, en bult, en uitgaan; en al hierdie sinkput van sonde, en alles wat op die aarde is, sal tot niks gesmelt word. Dit sal brand met so 'n vurige hitte, dat dit sal wees soos daardie bleikmiddel wat die—die kleur van—van die ink terugstuur na sy oorspronklike skepping. Die Vuur van God sal so warm wees, sal elke vuil ding weer terugvat na sy oorsprong, wanneer Satan en alle sonde verbrand word, en alles. En dan sal sy voortkom so mooi soos sy was in die tuin van Eden. Reg. O, daardie groot uur lê net voor ons!

106 Gedurende die Verdrukkingsperiode. Hier is wat ek wil hê julle moet nou oplet, 'n dingetjie wat ek hier ingesit het. Gedurende hierdie Verdrukkingsperiode, nadat die Bruid uitgeroep is, en die kerk gaan deur die Verdrukkingsperiode, word die honderd vier-en-veertig duisend geroep deur die twee getuies van Openbaring 11. Nou kyk. Hulle sal profeteer, een duisend tweehonderd-en-sestig dae, geklee met 'n roukleed.

107 Nou, ons weet hierdie Romeinse kalender het … Ons het agt-en-twintig dae en, partymaal, dertig, en een-en-dertig. Maar, in werklikheid, die kalender lees so, dertig dae vir elke maand. Reg. En neem 'n honderd … 'n duisend twee honderd en sestig dae, en sit dertig daarby, en kyk wat julle het. Drie en 'n half jaar, presies tot op die dag. Dis die tyd wat bestem is, tyd vir die Messiaanse Boodskap om aan Israel gepreek te word, soos dit daar terug was. Wanneer Hy terugkeer en Homself bekend maak, in 'n simbool dat wanneer Hy kom …

108 Josef is gevat af in die landstreek, en was deur sy broers verwerp, omdat hy 'n geestelike man was. Hy kon visioene sien en drome uitlê. En toe hy het, is hy geneem na die platteland en is vir byna dertig silwerstukke verkoop. Hy het Christus uitgebeeld, presies, want dit was Christus se Gees in hom.

Let op wat toe gebeur het. En let op dat, toe hy dit gedoen het, is hy in 'n tronk gesit, en een man is gered en die ander was verlore. Presies Jesus, toe Hy aan die kruis was, is een dief gered en die ander een was verlore, presies.

In die graf gegooi, veronderstel om dood te wees, en is gevat, en het opgegaan na die regterhand van Farao, en niemand kon Farao sien sonder om Josef eerste te sien nie. Jesus sit aan die regterhand van God, en geen mens kan na die Vader kom behalwe deur die Seun nie. Reg.

109 En let op elke keer wat Josef weggegaan het, toe Josef opgestaan het van daardie regterhand van daardie troon. Kyk! Glorie! Daar het Josef gesit, aan die regterhand van Farao. En toe Josef opgestaan het, om daardie troon te verlaat, het die trompet weerklink. "Buig die knie, almal! Josef kom!"

Wanneer daardie Lam die Troon verlaat, daar, met Sy dae van bemiddelaarswerk, wanneer Hy die Troon daar verlaat, en daardie Boek van Verlossing neem en uitstap, sal elke knie buig. Daar is Hy. Let op.

110 En toe Josef, verwerp deur sy broers, hy is 'n Heidense vrou gegee. Potifar het hom gegee … Of, Farao het vir hom 'n—'n Heidense vrou gegee, en hy het Heidense kinders gebaar, half Heiden en Jood. Hulle gee 'n groot simbool. Toe Jakob hulle geseën het, Efraim aan die een kant en Manasse aan die ander, het hy sy hande gekruis en die jonger kind die seën gegee. En die twee seuns is bygevoeg by die twaalf stamme, wat net tien was in daardie tyd, en hy het hulle in Jakob self geseën. En Josef, sy profeet seun, wat daar gestaan het, het gesê: "Vader, jy het verkeerd gedoen." Gesê: "Jy het jou regterhand se seën op die jong kind gesit, waar dit moes gegaan het op die ouer."

En hy het gesê: "Ek weet my hande is gekruis, maar God het hulle gekruis." Hoekom? Israel, wat die regte gehad het om 'n Bruid te wees, het hulle geboortereg verkoop en verwerp, en die … het van die ouer seun, Israel, na die nuwe, Heiden gegaan. En die seëninge het daarvandaan gegaan, deur die kruis, na die Heiden.

111 Maar let op daarna, sien, deur dit, toe almal … Hy het sy bruid geneem. Maar toe daardie seuns gekom het om kos te koop …

O, dis so 'n pragtige prentjie! Ek is van die Seël af, maar ek moet dit net sê, sien, want julle sal die prentjie beter kry, glo ek. Let op.

Nou, toe hulle afgekom het om kos te koop, julle weet, het Josef hulle dadelik herken. En Josef was die seun van voorspoed. Maak nie saak waar hy gegaan het nie, dit was altyd voorspoedig.

Julle wag totdat Hy weer na die aarde kom; wag tot ons Josef kom! Sien? "Die woestyn sal blom soos 'n roos, en die Son van Geregtigheid opgaan met genesing in Sy vlerke." O, goeiste! Al daardie kaktusse rondom Arizona sal ontvou in pragtige bome, en dit—en dit sal pragtig wees.

112 Let op, hier kom hy na vore, en hy bak 'n poets op hulle. En hy stuur, en hy sê: "Lewe my vader nog?" Sien? Hy wou weet of daardie seun se vader gelewe het. Het gesê: "Ja." Hy het geweet dit was sy broer. Maar het julle opgelet toe hy gereed gemaak het om homself aan sy broers te openbaar?

En hy het klein Benjamin gevind, wat gebore is nadat hy weg is. En dit verteenwoordig hierdie Jode, hierdie honderd vier-en-veertig duisend wat nou daar bymekaar kom sedert Hy weg is. En toe Hy teruggekeer het, het Hy gesê … hy het na Benjamin gekyk; sy hart was op die punt om te breek.

113 En, onthou, hulle het … hy … Hulle het nie geweet hy kon Hebreeus praat nie. Hy het 'n tolk gebruik. Hy het opgetree asof hy 'n Egiptenaar was. Sien? En toe dit bekend gemaak is, hy wou homself bekend stel, hy het bly kyk na klein Benjamin. En, onthou, hy het sy vrou weggestuur. Sy was in die paleis toe hy homself bekend gemaak het aan sy broers.

En die Heidense Bruid, die Vrou, nadat Jesus deur Sy Eie mense verwerp is, het Hy 'n Heidense Bruid geneem. En sal Haar neem van hier, na die Paleis, na Sy Vader se Huis in Heerlikheid, vir die Bruilofsmaal. En sal terugkom, om Homself bekend te maak aan Sy broers, die honderd vier-en-veertigduisend …?… daardie tyd.

114 Daar staan hy. En, onthou, kyk na die simbool perfek. En toe hy terugkom het na waar dit was, het hy afgekyk na hulle, en hy het gesê—hy het gesê … begin kyk. En hulle het begin praat. Hulle het gesê: "Nou, Ruben, jy weet dat ons nou in die moeilikheid is, sien. Want, jy weet wat ons gedoen het. Ons het hierdie seun in hierdie moeilikheid gekry. Nou, ons moes nie ons broer verkoop het nie." Dit was hulle broer wat daar gestaan het, daardie magtige prins, en hulle het dit nie geweet nie.

Dis waarom Israel Hom nie vandag kan verstaan nie. Dit is nog nie die uur om dit te weet nie.

En toe, hy, hulle het gedink hy kon nie Hebreeus verstaan nie, maar hy het na hulle geluister. Hulle het gesê: "Nou is ons in die moeilikheid vir dit." En Josef, toe hy na hulle gekyk het, kon hy dit nie langer verduur nie.

115 Nou, onthou, sy vrou en kinders was in die paleis op daardie tydstip. Die heiliges was, uit die teenwoordigheid.

En hy het gesê: "Ek is Josef, julle broer." En hy het gehardloop en klein Benjamin gegryp, om sy nek geval, en begin huil. Sien? En hy het homself bekend gemaak.

En toe het hulle gesê: "Nou weet ons, ons is in die moeilikheid want ons het hom verkoop. Ons was die wat hom verkoop het. Ons was die een wat hom probeer doodmaak het, nou weet ons hy sal ons doodmaak."

Hy het gesê: "Nee, moenie kwaad wees vir julleself nie, julle het dit net gedoen om lewe te bewaar. Dis waarom God my hierheen gestuur het."

En wanneer Hy Homself bekend maak, het die Bybel gesê … soos ons daardeur gaan. Wanneer Hy Homself bekend maak aan daardie honderd vier-en-veertig duisend daar, die klein Benjamin van vandag, en die oorblyfsel van daardie Jode wat daar agtergelaat is; wanneer Hy Homself bekend maak, sal hulle sê: "Waar het U daardie littekens gekry? Wat doen dit in U hand?"

116 Hy sal sê: "O, Ek het dit in die huis van My vriende gekry." Sien? O, dan sal hulle besef dat hulle die Messias doodgemaak het. Maar wat sal Hy sê? Dieselfde as wat Josef het. "Julle het dit gedoen om lewe te spaar; moenie … lewe te red. Moenie vir julleself kwaad wees nie." Want, dit, die Heidene sou nie ingebring word as die Jode nie soos van geblindoek was nie. So, Hy het die lewe van die Kerk gered, deur die dinge wat hulle gedoen het. So daar het julle dit. Dis die rede, vandag, dat hulle Dit nie kan verstaan nie; dit is nie die uur nie.

117 Net soos ons nie kan verstaan nie totdat die tyd kom vir Dit om verstaan te word. O, goeiste! Sewe Donderslae, van Openbaring, mag Hy die Bruid wys hoe om voor te berei vir die groot wegraping geloof!

Nou laat ons opskud, want ons het nog net omtrent vyftien, twintig minute.

Nou, wat beteken hierdie wit perd? Laat ek dit lees … Ek was so ver weg; verskoon my omdat ek

van my onderwerp af gegaan het. Maar, maar ek sal die vers weer lees, die twee verse.

> *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk!*
>
> *En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd.*

Nou gaan ons na die 2de vers.

> … *'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee,* (hy het dit toe nie gehad nie) … *en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.*

118 Dis al van dit. Dis die Seël. Nou laat ons die simbole vind.

Ons het gevind wat die Donderslag beteken. Dis perfek, ons weet dit, sien. Die Donderslag was die Stem van God, toe die Seël geopen is.

Nou, wat beteken die wit perd? Nou, hier is waar die openbaring inkom. Ek is net so positief hieroor, soos wat ek hier staan, in die wete dat dit die Woord is.

Ek het elke boek daaroor gelees wat ek kon vind. En met 'n … ek … Die laaste keer wat ek probeer het- om deur dit te gaan, dit net geleer het, omtrent dertig jaar gelede, het ek die boek geneem … Iemand het vir my gesê dat die Adventiste meer lig gehad het oor die tweede Koms van Christus as enige ander mense wat hulle geken het, so ek het sommige van hulle goeie boeke gevind, om dit te lees. Ek het Smith se boek oor Daniël gekry, van openbarings. En hy het gesê hierdie wit perd wat uitgegaan het was wit, en dit het 'n oorwinnaar gesimboliseer. En in hierdie verowering … Baie van julle Adventiste broers hier ken die boek, en baie van julle ander, ook, deur die lees daarvan. En—en ander, ek het twee of drie gelees. Ek het gelees, en ek kan nie … Daar was nog twee boeke wat ek gelees het, en albei mans het saamgestem dat dit reg was. [Broer Branham klop vyf keer op die preekstoel — Red.] Dit was goeie leraars, veronderstel om van die beste te wees, met die beste lig. So ek het gedink: "Wel, as ek nie weet nie, sal ek net sê wat hulle gesê het, probeer om dit so te leer."

119 Hulle het 'n baie goeie verklaring daarvan gehad, wat dit regtig beteken het. En hulle het gesê: "Nou, hier is 'n wit perd, en 'n wit perd is 'n krag, 'n opdrag." En het gesê: "Die man wat daarop sit, was die—die wit perd, was die Heilige Gees wat uitgegaan het in die vroeë eeu en daardie eeu oorwin het vir die Koninkryk van God. Hy het 'n boog in sy hand gehad, wat beteken het, soos Cupido, hy het die pyle van liefde in die harte van die mense geskiet, die liefde van God, en hy het oorwin."

Nou, dit klink baie goed, maar dit is nie die Waarheid nie. Nee, meneer. Ja. Dit was nie. Wit beteken wel regverdig. Ons—ons besef dit. Die wit beteken regverdig. Die leraars het dit geleer, dat dit die Heilige Gees was wat oorwin het in die eerste eeu; maar my openbaring, deur die Heilige Gees, is nie so nie.

My openbaring, deur die Heilige Gees, is: Christus en die Heilige Gees is een en dieselfde Persoon, net in 'n ander vorm. So, *hier* staan Christus, die Lam. Ons weet Hy was die Lam. Hy het *hier* gestaan met die Boeke in Sy hand; en *daar* gaan die wit perderuiter, sien, so dit was nie die Heilige Gees nie.

120 Nou, dis een van die verborgenhede van die laaste dae, hoedat Christus die drie persone in Een kan wees. Dit is nie drie verskillende mense, Vader, Seun, en Heilige Gees, synde drie Gode, soos die trinitariërs ons probeer sê Dit is nie. Dis drie, dis drie manifestasies van dieselfde Persoon. Of, jy kan dit drie ampte noem. As jy met predikers praat, sal jy nie die amp gebruik nie; want, reg, ek dink toevallig, ek's op band. So ek sal julle sê … Natuurlik, Christus kan nie sê: "Ek sal My amp bid, en Hy sal vir jou 'n ander amp stuur nie." Ons weet dit. Maar as jy dit wil maak … Dis drie eienskappe van dieselfde God. Sien? Dis nie drie Gode nie. Drie eienskappe van dieselfde God! Sien?

En so hoe kan Christus *daar* buite wees, die wit perd, wat oorwin, en *hier* staan met 'n Boek in Sy hand? Dis nie, egter. Dit is nie Christus nie.

121 Let nou op, die Heilige Gees (in die openbaring) en Christus, dis, die Heilige Gees is Christus in 'n ander vorm. Reg.

Let op, dit is die Lam wat die Boeke oopmaak, en die Lam is Christus. En Christus word nie meer van toe af gesien nie, maar Hy word gesien in die Boek van Openbaring, die 19de hoofstuk, wat op 'n wit perd kom.

As julle dit wil lees, laat ons blaai na Openbaring 19:11, ses- … En lees dit nou net vinnig, terwyl ons —terwyl ons … Ons het genoeg tyd, hoop ek, so dit sal dit net 'n bietjie makliker maak vir ons. 19, 19:11, begin by die 11de vers, en lees dit, insluitend die 16de.

> *Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd,* (nie op die aarde nie; in die Hemel, sien) *en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en*

*voer oorlog in geregtigheid.*

*En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone,* (kyk na die diadeem!) *en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.*

122 Ek wens ek kon net 'n oomblik daar stop. [Broer Branham klop eenkeer op die preekstoel, en wag — Red.] O, goeiste! Ek het 'n goeie idee, maar … Miskien kan ek, as julle … [Gemeente sê: "Gaan voort!"]

Sien, niemand weet Dit nie. Het julle ooit geweet dat die Naam van "Jehova" nie korrek is nie? Weet enigeen. Dr. Vayle, jy weet dis waar. Die vertalers kon Dit nooit vertaal nie. Dis gespel J-u-h-v … J-v-h-u, bedoel ek. Dit is nie "Jehova" nie. Hulle kon Dit nie raak nie. Hulle weet nie wat Dit is nie. Het Dit "Jehova" genoem, maar dit was nie Sy Naam nie.

Kyk, elke keer as 'n oorwinning behaal word, of iets aangaan, word 'n naam verander.

123 Kyk in die dae van Abraham. Hy was, eers, Abram, en kon nooit daardie baba hê totdat sy naam na Abraham verander is nie. En Sarra, S-a-r-r-a, kon niks behalwe 'n dooie baarmoeder hê totdat haar naam verander is na S-a-r-a-h nie.

Jakob beteken "verdraaier, bedrieër," en dis wat hy gedoen het. Hy het skaapvel op homself gesit, en het sy profeet vader mislei, om die geboortereg te kry. Hy het populierstokke in die water gesit, hulle gespikkel, die beeste bang gemaak toe hulle swanger was met die … met hulle kleintjies, om gespikkelde beeste en skape te maak. Niks anders as 'n bedrieër nie!

Maar een aand het hy iets Iets werklik beetgekry, en hy het geweet Dit was werklik. En hy het Daarby gebly, en het vasgehou totdat hy oorwin het. En sy naam is verander, en Israel genoem, wat beteken "'n prins met krag voor God."

Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen. — Red.] Elke oorwinnaar!

Simon was 'n visserman. Maar toe sy geloof besef en geweet het dit was Jesus, toe Hy vir hom gesê het Hy was die Messias, en vir hom gesê het wat sy naam was en wat sy vader se naam was, was hy oorkom, en het verander van Simon na Petrus.

Saul, goeie naam. Saul, was eenkeer 'n koning in Israel, maar hy, 'n *Saul,* het nie by 'n apostel gepas nie. Mag goed wees vir 'n koning, maar nie 'n apostel nie. So Jesus het sy naam verander (van wat?) van Saul na Paulus.

Kyk na "Die seuns van donder," en verder aan.

124 En, Jesus, Sy Naam op aarde was "Verlosser," Jesus. Toe Hy op aarde was, was Hy die Verlosser, dis waar. Maar toe Hy dood en hel oorwin het, en hulle oorwin het, en opgevaar het na Bo, het Hy 'n nuwe Naam ontvang. Dis waarom jy skree soos hulle, en hulle kry niks nie.

125 Dit sal geopenbaar word in die Donderslae. Uh-huh. Sien? Let op die geheime. Hy kom, ry … Daar moet Iets wees om hierdie Kerk te verander. Julle weet dit. Daar moet Iets wees. Let op: "Niemand het geweet nie, behalwe Homself." Nou, let op: "Niemand het geweet nie, behalwe Hyself."

*En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.*

O, goeiste! Let op!

*En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.*

*En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.*

*En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.*

126 Daar kom die Messias. *Daar* is Hy; nie hierdie kêrel op hierdie perd *hier* nie. Kyk na die verskil. Hier staan Hy met die Boek in Sy hand, *hier,* die verlossingswerk is net … Hy het nog nie Sy plek ingeneem nie. So, dit was nie die Christus wat uitgegaan het nie, die Heilige Gees.

Verskil nie met daardie groot manne nie. Nee, meneer, ek doen dit nie. Ek sou dit nie wou doen nie, maar dit is wat—wat my openbaring Daarvan is. Sien? As jy iets verskillend het, wel, dis in orde, maar dit is nie reg met my nie. Julle sien, ek—ek glo Dit op hierdie manier. Sien, nou, julle weet wat. Sien?

127 En, let op, Christus word nie weer gesien nie, sien, van die tyd verder. Maar Hy is op 'n wit perd. So as hierdie persoon op 'n wit perd ry, is hy net 'n nabootser van Christus. Sien? Begryp julle dit?

[Gemeente sê: "Amen. — Red.]

Let op, die ruiter op die wit perd het nie 'n naam nie. Hy mag twee of drie titels gebruik, sien, maar hy het nie 'n naam nie.

128 Maar Christus het 'n Naam! Wat is dit? Die Woord van God. Dis wat dit is. "In die begin was die Woord, en die Woord was met God, en die Woord was God. En die Woord, het vlees geword." Sien? Die ruiter het geen naam nie, maar Christus word genoem "Die Woord van God." Dis wat Hy is. Hy word dit genoem. Nou Hy het 'n Naam wat geen mens ken nie; maar Hy word genoem: "Die Woord van God."

Hierdie persoon word niks genoem nie, sien, maar hy's op 'n wit perd.

Die ruiter het geen pyle vir sy boog nie. Het julle opgelet? Hy het 'n boog gehad, maar daar is niks gesê oor enige pyle nie, so hy moet 'n grootprater wees. Reg. Miskien het hy baie donderweer, en geen weerlig nie. Maar julle vind uit, Christus het beide weerlig en donder gehad, want uit Sy mond gaan 'n skerp tweesnydende Swaard, en Hy slaan die nasies met Dit. Hierdie ou kan niks slaan nie, sien, maar hy speel die rol van 'n huigelaar. Hy gaan voort, ry op 'n wit perd, gaan uit om te oorwin.

129 Christus het 'n skerp Swaard, en, kyk, Dit kom van Sy mond. Die lewende Woord, dis, Woord van God geopenbaar aan Sy dienaars. Soos Hy vir Moses gesê het: "Gaan, staan daar, en hou daardie stok daar op; roep vir vlieë," en daar was vlieë. Sekerlik. Wat hy ookal gesê het, het Hy gedoen; en dit het gebeur, Sy lewende Woord. God en Sy Woord is dieselfde Persoon. God is die Woord.

